OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY*

10c Tuesday, 2nd March, 1965 WINDHOEK Dinsdag, 2 Maart 1965 No. 2610

CONTENTS INHOUD *Page/Bladsy*

GOVERNMENT NOTICE— GOEWERMENTSKENNISGEWING:—

No. 35. Aerodrome Regulations, 1965 . . . . Vliegveldregulasies 1965 226

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 35.] [2nd March, 1965.

AERODROME REGULATIONS

The Administrator has, in terms of section 6 of the Aerodrome Ordinance 1963 (Ordinance 12 of 1963), made the following regulations.

The provisions of these regulations shall be operative subject to the provisions of regulations made under the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), as amended.

SCHEDULE

TITLE AND SAVINGS.

1. These regulations may be cited as the Aerodrome Regulations, 1965.

INTERPRETATION OF TERMS.

2. In these regulations the expression "the Ordinance" means the Aerodrome Ordinance, 1963, and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Ordinance, bears the meaning so assigned, and —

(i) "aerodrome" means the area comprising the runways and other prepared ways for the passage of aircraft on the ground, aprons and all the land surrounding that area enclosed by a fence;

(ii) "cargo" includes baggage and mail;

(iii) "driver" means any person who has physical control of the steering mechanism of a vehicle or combination of vehicles or who drives or guides any animal or animal-drawn vehicle, and "drive" and "driven" have a corresponding meaning;

(iv) "manager" means the aerodrome manager or any official of the Administration of South West Africa acting on his behalf;

(v) "operator" includes, in relation to an aircraft, the owner thereof and any person who is or has been

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 35.] [2 Maart 1965.

VLIEGVELDREGULASIES.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge artikel 6 van die Ordonnansie op Vliegvelde 1963 (Ordonnansie 12 van 1963) die onderstaande regulasies uit te vaardig.

Die bepalings van hierdie regulasies word toegepas onderhewig aan die voorskrifte van die regulasies uitgevaardig ingevolge die bepalings van die Lugvaartwet 1962 (Wet 74 van 1962), soos gewysig.

BYLAE

TITEL EN VOORBEHOUD

1. Hierdie regulasies heet die Vliegveldregulasies 1965.

WOORDOMSKRYWING

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die ordonnansie" die Ordonnansie op Vliegvelde 1963 en tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die ordonnansie 'n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, die aldus toegekende betekenis, en beteken —

(i) „aanloopbaan", 'n bepaalde reghoekige terrein, binne die beperkingsgebied, wat gebou is vir die uit- en aanloop van vliegtuie langs die lengte daarvan;

(ii) „beperkingsgebied", die gebied ingevolge regulasie 3 afgebaken;

(iii) „bestuurder", die vliegveldbestuurder of 'n beampte van die Administrasie van Suidwes-Afrika wat namens hom optree;

(iv) „die wet", die Lugvaartwet 1962 (Wet 74 van 1962);

(v) „die Administrasie" beteken die Administrasie van Suidwes-Afrika;

(vi) „drywer", 'n persoon wat fisiese beheer het oor die stuurinrigting van 'n voertuig of kombinasie

acting as agent in the Republic for an owner who is not a foreign owner;

(vi) "park" means —

(a) in relation to an aircraft, to keep that aircraft, whether occupied or not, stationary; and

(b) in relation to a vehicle, to keep that vehicle, whether occupied or not, stationary for a period of time greater than is reasonably necessary for the actual loading or unloading of persons or goods;

and "parked" and "parking" have a corresponding meaning;

(vii) "parking meter" means in relation to a vehicle a device for automatically registering and visibly recording the passage of time, operated by the insertion of a coin therein, and includes any post or fixture to which it is attached;

(viii) "parking period" means in relation to a vehicle that period of time of parking in a parking place demarcated in terms of regulation 29 which is determined by the insertion into a parking meter of the appropriate coin;

(ix) "path" means a portion of the aerodrome designed, intended or improved for the use of pedestrians;

(x) "policeman" means any commissioned officer, non-commissioned officer or constable serving in the South African Police established under the Police Act, 1912 (Act 14 of 1912), and includes, if the aerodrome is situated within the area of a municipality, a traffic officer or a traffic inspector in the full-time employment of that municipality;

(xi) "restricted area" means the area demarcated in terms of regulation 3;

(xii) "road" means a portion of the aerodrome designed, intended or improved for the passage of vehicles;

(xiii) "road traffic sign" means any sign, signal or other device or marking provided for the purpose of warning, regulating, guiding, restricting or prohibiting traffic;

(xiv) "runway" means a defined rectangular area, in the restricted area, constructed for the landing and take-off run of aircraft along its length;

(xv) "taxiway" means a defined path in the restricted area constructed for the use of taxi-ing aircraft;

(xvi) "terminal area" means the area demarcated in terms of regulation 8;

(xvii) "terminal building" means the building on the aerodrome, adjacent to the terminal area, from which a person proceeds to the aircraft in which he is about to embark or to which a person proceeds after disembarking from an aircraft;

(xviii) "the Act" means the Aviation Act 1962 (Act 74 of 1962);

(xix) "the Administration" means the Administration of South West Africa;

(xx) "traffic" means, in relation to a road, vehicles, pedestrians and ridden, led or driven animals on that road;

(xxi) "vehicle" means any vehicle except an aircraft;

DEMARCATION OF RESTRICTED AREA.

3. (1) The manager may, on the aerodrome, demarcate a restricted area and indicate its boundaries by means of markings on the surface of the aerodrome or by means of fences or obstructions or notices erected along the boundaries of such restricted area or by means of a combination of such markings, fences, obstructions or notices.

(2) Subject to the provisions of sub-regulation (1) relating to the manner in which such boundary shall be indicated, the manager may alter any boundary or any portion of a boundary of the restricted area.

van voertuie of wat 'n dier of voertuig wat deur diere getrek word, dryf of lei, en het „dryf" en „gedryf" 'n ooreenstemmende betekenis;

(vii) „eindpuntgebied", die gebied ingevolge regulasie 8 afgebaken;

(viii) „eindpuntgebou", die gebou op die vliegveld, naasaan die eindpuntgebied, waarvandaan iemand gaan na die vliegtuig waarin hy op die punt staan om in te stap of waarheen iemand gaan nadat hy uit 'n vliegtuig uitgestap het;

(ix) „eksploitant", met betrekking tot 'n vliegtuig, ook die eienaar daarvan en 'n persoon wat as agent van 'n eienaar uitgesonderd 'n buitelandse eienaar in die Republiek optree of opgetree het;

(x) „looppad", 'n gedeelte van die vliegveld wat vir die gebruik van voetgangers ontwerp, bestem of verbeter is;

(xi) „vliegveld", beteken die area bevattende die aanloopbane en ander voorbereide weë vir die gang van vliegtuie op die grond, laaiblaaie en al die grond wat daardie area omring en omhein is;

(xii) „pad", 'n gedeelte van die vliegveld wat vir die deurgang van voertuie ontwerp, bestem of verbeter is;

(xiii) „padverkeersteken", 'n teken, sinjaal of ander toestel of merk wat aangebring is om verkeer te waarsku, reël, lei, beperk of belet;

(xiv) „parkeer", —

(a) met betrekking tot 'n vliegtuig, om daardie vliegtuig, hetsy met of sonder insittendes op een plek stil te laat staan; en

(b) met betrekking tot 'n voertuig, om daardie voertuig, hetsy met of sonder insittendes op een plek stil te laat staan vir 'n langer tydperk as wat redelikerwys nodig is vir die werklike op- of afhaal van persone of goedere;

en het „geparkeer" en „parkering" ooreenstemmende betekenis;

(xv) „parkeermeter" met betrekking tot 'n voertuig 'n toestel wat die tydsverloop outomaties registreer en sigbaar aanteken en wat deur die plasing van 'n muntstuk daarin in werking gestel word, en dit omvat enige paal of installasie waaraan dit vas is;

(xvi) „parkeertydperk" met betrekking tot 'n voertuig daardie tydperk van parkering in 'n parkeerplek afgemerk kragtens regulasie 29 wat bepaal word deur die plasing van die gepaste muntstuk in die parkeermeter;

(xvii) „polisiebeampte", 'n offisier, onderoffisier of konstabel wat diens doen in die Suid-Afrikaanse Polisie ingestel kragtens die Polisiewet 1912 (Wet 14 van 1912), en as die vliegveld binne die gebied van 'n munisipaliteit geleë is, ook 'n verkeersbeampte of 'n verkeersinspekteur wat voltyds by daardie munisipaliteit in diens is;

(xviii) „rybaan", 'n bepaalde baan, binne die beperkingsgebied, wat gebou is sodat vliegtuie daarlangs kan ry;

(xix) „verkeer", met betrekking tot 'n pad, voertuie, voetgangers of diere wat gery, gelei of gedryf word op daardie pad;

(xx) „voertuig", enige voertuig behalwe 'n vliegtuig;

(xxi) „vrag", ook bagasie en pos;

AFBAKENING VAN BEPERKINGSGEBIED

3. (1) Die bestuurder kan, op die vliegveld, 'n beperkingsgebied afbaken en die grense daarvan aandui deur middel van merke op die oppervlakte van die vliegveld of deur middel van heinings of versperrings of kennisgewings wat al langs die grense van die beperkingsgebied opgerig is of deur middel van sowel sodanige merke, heinings, versperrings as kennisgewings.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) met betrekking tot die wyse waarop sodanige grens aangedui moet word, kan die bestuurder enige grens of gedeelte van 'n grens van die beperkingsgebied verander

E OF RUNWAYS OR TAXIWAYS AND LANDING ON OR TAKING OFF FROM AERODROME.

4. Save in an emergency —

(a) or on the direction of the manager given in terms of regulation 7, no person shall move an aircraft in the restricted area except on a runway or a taxiway;

(b) no person shall move on to or move an aircraft or vehicle onto a runway or a taxiway without the permission of the air traffic control service operating at the aerodrome;

(c) no person shall use a portion of the aerodrome other than a runway for landing or taking off an aircraft; and

(d) no person shall land an aircraft fitted with a tail-skid on a runway or shall take off such an aircraft from a runway.

ENTRY TO RESTRICTED AREA

5. Except with the permission of the manager no person —

(a) other than a person carried in an aircraft which has just landed on or is about to take off from the aerodrome, shall enter the restricted area;

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle into the restricted area.

POINTS OF ENTRY TO OR EXIT FROM RESTRICTED AREA

6. (1) The manager may by means of markings on the surface of the aerodrome or by notices, or by means of both such markings and notices, establish points where

(a) a person other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle;

(b) an aircraft travelling on the surface of the aerodrome; or

(c) a vehicle;

may enter or leave the restricted area and he may similarly restrict any such point to use by such person or aircraft or vehicle solely for the purpose of entering or leaving the restricted area.

(2) Save in an emergency no person —

(a) other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle shall enter or leave the restricted area; or

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle into or from the restricted area;

except at an appropriate point of entry or exit provided in terms of sub-regulation (1).

MOVEMENT OF AIRCRAFT OR VEHICLES IN RESTRICTED AREA ON DIRECTION OF MANAGER.

7. (1) The operator of an aircraft which is travelling on the surface of the aerodrome and which is in the restricted area but not on a runway or a taxiway or the person in lawful charge of a vehicle which is in the restricted area shall, on being directed to do so by the manager, move that aircraft along the surface of the aerodrome or that vehicle —

(a) to another place in the restricted area indicated by the manager; or

(b) from the restricted area;

and if such operator or person refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that aircraft or vehicle moved to comply with such direction and may recover from such operator or person the costs incurred in having that aircraft or vehicle so moved and any such action by the manager shall not exempt such operator or person from a prosecution in respect of such refusal or failure.

GEBRUIK VAN AANLOOPBANE OF RYBANE EN LANDING OF OPSTYGING VANAF VLIEGVELD

4. Uitgesonderd in 'n noodgeval —

(a) of in opdrag van die bestuurder wat ingevolge regulasie 7 gegee is, mag niemand 'n vliegtuig in die beperkingsgebied beweeg nie, behalwe op 'n aanloop- of rybaan;

(b) mag niemand, sonder die toestemming van die lugverkeersleidingsdiens wat op die vliegveld in werking is, op 'n aanloop- of rybaan gaan nie, of met 'n vliegtuig of voertuig op 'n aanloop- of rybaan gaan nie;

(c) mag niemand 'n ander gedeelte van die vliegveld as 'n aanloopbaan gebruik om met 'n vliegtuig te land of op te styg nie; en

(d) mag niemand met 'n vliegtuig wat met 'n stertsteun uitgerus is, op 'n aanloopbaan land of met so 'n vliegtuig van 'n aanloopbaan af opstyg nie.

BINNEGAAN VAN BEPERKINGSGEBIED

5. Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand —

(a) buiten 'n persoon wat 'n insittende is van 'n vliegtuig wat so pas geland het op, of op die punt staan om van, die vliegveld af op te styg, die beperkingsgebied binnegaan nie;

(b) met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of met 'n voertuig die beperkingsgebied binnegaan nie.

PUNTE VIR BINNEGAAN OF VERLATING VAN BEPERKINGSGEBIED

6. (1) Die bestuurder kan deur middel van merke op die oppervlakte van die vliegveld of deur middel van kennisgewings, of deur middel van sowel merke as kennisgewings, punte vasstel waar —

(a) iemand anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry; of

(c) 'n voertuig;

die beperkingsgebied mag binnegaan of verlaat en hy kan eweneens 'n beperking oplê dat so 'n punt deur so 'n persoon of vliegtuig of voertuig gebruik mag word net om die beperkingsgebied binne te gaan of te verlaat.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval, mag niemand —

(a) buiten 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry, die beperkingsgebied binnegaan of verlaat nie; of

(b) met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of met 'n voertuig die beperkingsgebied binnegaan of verlaat nie;

behalwe by 'n toepaslike punt vir die binnegaan of verlating daarvan wat ingevolge subregulasie (1) vasgestel is.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE OF VOERTUIE IN BEPERKINGSGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

7. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry en wat binne die beperkingsgebied maar nie op 'n aanloop- of rybaan is nie, of die persoon wat wettig in beheer is van 'n voertuig wat binne die beperkingsgebied is, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig langs die oppervlakte van die vliegveld of daardie voertuig —

(a) na 'n ander plek in die beperkingsgebied wat die bestuurder aanwys; of

(b) uit die beperkingsgebied;

beweeg en as sodanige eksploitant of persoon weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie vliegtuig of voertuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig of voertuig aldus te laat beweeg, op sodanige eksploitant of persoon verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant of persoon van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(2) Any direction given by the manager in terms of sub-regulation (1) shall not authorize any person to move an aircraft or a vehicle on to a runway or a taxiway without the permission of the air traffic control service operating at the aerodrome.

DEMARCATION OF TERMINAL AREA.

8. (1) The manager may, on the aerodrome but outside the restricted area, demarcate a terminal area and indicate its boundaries by means of markings on the surface of the aerodrome or by means of fences, obstructions or notices erected along the boundaries of such terminal area or by means of a combination of such markings, fences, obstructions or notices.

(2) Subject to the provisions of sub-regulation (1) relating to the manner in which such boundary shall be indicated, the manager may alter any boundary or any portion of a boundary of the terminal area.

ENTRY TO TERMINAL AREA

9. (1) Except with the approval of the manager no person other than —

(a) a person carried in an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or in or on a vehicle;

(b) a person about to embark in an aircraft parked in the terminal area proceeding under the supervision of the operator of that aircraft or his employee from the terminal building to that aircraft;

(c) a person who has disembarked from an aircraft parked in the terminal area, proceeding under the supervision of the operator of that aircraft or his employee from that aircraft to the terminal building;

(d) the operator of an aircraft parked in or moving on the surface of the terminal area or his employee only when the performance of his duties or the course of his employment require his presence in the terminal area; or

(e) the holder of a licence granted in terms of regulation 62 or his employee only when the performance of his duties or the course of his employment requires his presence in the terminal area;

shall enter the terminal area.

(2) Except with the approval of the manager no person shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle into the terminal area.

POINTS OF ENTRY TO OR EXIT FROM TERMINAL AREA

10. (1) The manager may by means of markings on the surface of the aerodrome or by notices, or by means of both such markings and notices, establish points where —

(a) a person other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle;

(b) an aircraft travelling on the surface of the aerodrome; or

(c) a vehicle;

may enter or leave the terminal area and he may similarly restrict any such point to use by such person or aircraft or vehicle solely for the purpose of entering or leaving the terminal area.

(2) Save in an emergency no person —

(a) other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle shall enter or leave the terminal area; or

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle into or from the terminal area;

except at an appropriate point of entry or exit provided in terms of sub-regulation (1).

(2) Enige opdrag wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) gee, verleen nie magtiging aan enigiemand om 'n vliegtuig of voertuig sonder die toestemming van die lugverkeersleidingsdiens wat by die vliegveld in werking is, op 'n aanloop- of rybaan te beweeg nie.

AFBAKENING VAN EINDPUNTGEBIED.

8. (1) Die bestuurder kan, op die vliegveld maar buite die beperkingsgebied, 'n eindpuntgebied afbaken en die grense daarvan aandui deur middel van merke op die oppervlakte van die vliegveld of deur middel van heinings, versperrings of kennisgewings wat al langs die grense van die eindpuntgebied opgerig is of deur middel van sowel sodanige merke, heinings, versperrings as kennisgewings.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) met betrekking tot die wyse waarop sodanige grens aangedui moet word, kan die bestuurder enige grens of gedeelte van 'n grens van die eindpuntgebied verander.

BINNEGAAN VAN EINDPUNTGEBIED

9. (1) Behalwe met die goedkeuring van die bestuurder, mag niemand buiten —

(a) 'n persoon wat 'n insittende is van 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n persoon wat op die punt staan om in 'n vliegtuig wat in die eindpuntgebied geparkeer is, in te stap en onder die toesig van die eksploitant van daardie vliegtuig of sy werknemer van die eindpuntgebou na daardie vliegtuig gaan;

(c) 'n persoon wat uit 'n vliegtuig wat in die eindpuntgebied geparkeer is, uitgestap het en onder die toesig van die eksploitant van daardie vliegtuig of sy werknemer van daardie vliegtuig na die eindpuntgebou gaan;

(d) die eksploitant van 'n vliegtuig wat in die eindpuntgebied geparkeer is of op die oppervlakte daarvan ry of sy werknemer slegs wanneer die uitvoering van sy pligte of die loop van sy diens vereis dat hy in die eindpuntgebied moet wees; of

(e) die houer van 'n lisensie wat ingevolge regulasie 62 toegestaan is of sy werknemer, slegs wanneer die uitvoering van sy pligte of die loop van sy diens vereis dat hy in die eindpuntgebied moet wees,

die eindpuntgebied binnegaan nie.

(2) Behalwe met die goedkeuring van die bestuurder, mag niemand met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of met 'n voertuig die eindpuntgebied binnegaan nie.

PUNTE VIR BINNEGAAN OF VERLATING VAN EINDPUNTGEBIED

10. (1) Die bestuurder kan deur middel van merke op die oppervlakte van die vliegveld of deur middel van kennisgewings of deur middel van sowel sodanige merke as kennisgewings, punte vasstel waar —

(a) iemand anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry; of

(c) 'n voertuig,

die eindpuntgebied mag binnegaan of verlaat en hy kan eweneens 'n beperking oplê dat so 'n punt deur so 'n persoon of vliegtuig of voertuig gebruik mag word net om die eindpuntgebied binne te gaan of te verlaat.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval mag niemand —

(a) buiten 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry, die eindpuntgebied binnegaan of verlaat nie; of

(b) met 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of met 'n voertuig die eindpuntgebied binnegaan of verlaat nie,

behalwe by 'n toepaslike punt vir die binnegaan of verlating daarvan wat ingevolge subregulasie (1) vasgestel is.

DEMARCATION OF ROUTES IN TERMINAL AREA

11. (1) The manager may by means of markings on the surface of the aerodrome or by notices, or by means of both such markings and notices demarcate routes in the terminal area for use by —

(a) a person other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle;

(b) an aircraft travelling on the surface of the aerodrome; or

(c) a vehicle;

and he may similarly restrict any such route to use by such person or aircraft or vehicle for the purpose of movement in one direction only.

(2) Save in an emergency no person —

(a) other than a person carried in an aircraft or in or on a vehicle shall move on foot in the terminal area; or

(b) shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle in the terminal area;

except along an appropriate route demarcated in terms of sub-regulation (1).

MOVEMENT OF AIRCRAFT OR VEHICLES IN TERMINAL AREA

12 (1) No person shall move an aircraft travelling on the surface of the aerodrome or a vehicle in the terminal area —

(a) unless he has satisfied himself that there will be no danger of the aircraft or vehicle concerned colliding with any person or object;

(b) except at a speed which is safe and reasonable regard being had to the circumstances surrounding such movement and which shall not exceed fifteen miles per hour.

(2) No person shall move an aircraft, travelling under its own power on the surface of the aerodrome. in the terminal area unless he is the holder of an appropriate licence (other than a student pilot's licence) issued in terms of the relative regulations, made under the Act, which entitles him to pilot that aircraft.

NOTIFICATION OF AIRCRAFT. MOVEMENT.

13. (1) Immediately after an aircraft has landed on the aerodrome the operator of that aircraft shall give notice to the manager, in the form provided by the latter for the purpose, of the time of arrival of that aircraft together with such other information as he is required by the manager to furnish when completing the notice in the said form.

(2) Immediately before an aircraft is to take off from the aerodrome the operator of that aircraft shall give notice to the manager, in the form provided by the latter for the purpose, of the expected time of departure of that aircraft together with such other information as he is required by the manager to furnish when completing the notice in the said form.

(3) The operator of an aircraft, who has, in terms of sub-regulation (1) or (2), given notice to the manager of the arrival or expected departure of that aircraft, shall, as soon as he becomes aware of any variation in the information furnished by him in the said notice, notify the manager of such variation.

PARKING OF AIRCRAFT IN TERMINAL AREA

14. (1) The operator of an aircraft shall ensure —

(a) that his aircraft is parked in the place on the terminal area allocated to it by the manager; and

(b) that his aircraft is parked in the place so allocated in the position required by the manager;

and if he refuses or fails or is not present to comply forthwith with the terms of such allocation or require-

AFBAKENING VAN ROETES IN EINDPUNTGEBIED

11. (1) Die bestuurder kan deur middel van merke op die oppervlakte van die vliegveld of deur middel van kennisgewings, of deur middel van sowel sodanige merke as kennisgewings, roetes in die eindpuntgebied afbaken vir gebruik deur —

(a) iemand anders as 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry;

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry; of

(c) 'n voertuig,

en hy kan eweneens 'n beperking oplê dat so 'n roete slegs deur so 'n persoon of vliegtuig of voertuig gebruik mag word om net in een rigting te beweeg.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval mag niemand —

(a) buiten 'n persoon wat 'n insittende van 'n vliegtuig is of wat in of op 'n voertuig ry, te voet in die eindpuntgebied loop nie; of

(b) 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of 'n voertuig in die eindpuntgebied beweeg nie,

behalwe langs 'n toepaslike roete wat ingevolge subregulasie (1) afgebaken is.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE OF VOERTUIE IN EINDPUNTGEBIED

12. (1) Niemand mag 'n vliegtuig wat op die oppervlakte van die vliegveld ry of 'n voertuig in die eindpuntgebied beweeg nie —

(a) tensy hy hom daarvan vergewis het dat daar geen gevaar bestaan dat die betrokke vliegtuig of voertuig met 'n persoon of voorwerp sal bots nie;

(b) behalwe met 'n snelheid wat veilig en redelik is, gelet op die omstandighede waaronder die beweging plaasvind, en wat nie vyftien myl per uur mag oorskry nie.

(2) Niemand mag 'n vliegtuig wat met eie krag op die oppervlakte van die vliegveld ry, in die eindpuntgebied beweeg nie, tensy hy die houer is van 'n toepaslike lisensie (uitgesonderd 'n leerlingvlieëniers-lisensie), uitgereik ingevolge die toepaslike regulasies kragtens die Wet gemaak, wat aan hom die reg verleen om daardie vliegtuig te bestuur.

KENNISGEWING VAN BEWEGING VAN VLIEGTUIE.

13. (1) Onmiddellik nadat 'n vliegtuig op die vliegveld geland het, moet die eksploitant van daardie vliegtuig die bestuurder, in die vorm wat laasgenoemde vir dié doel verskaf, van die tyd van aankoms van daardie vliegtuig in kennis stel en alle ander inligting wat die bestuurder van hom vereis, verstrek wanneer hy die kennisgewing in gemelde vorm invul.

(2) Onmiddellik voordat 'n vliegtuig van die vliegveld af gaan opstyg, moet die eksploitant van daardie vliegtuig die bestuurder, in 'n vorm wat laasgenoemde vir dié doel verskaf, van die verwagte tyd van vertrek van daardie vliegtuig in kennis stel en alle ander inligting wat die bestuurder van hom vereis, verstrek wanneer hy die kennisgewing in gemelde vorm invul.

(3) Sodra die eksploitant van 'n vliegtuig wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) of (2) van die aankoms of verwagte vertrek van daardie vliegtuig in kennis gestel het, van 'n verandering in die inligting wat hy in gemelde kennisgewing verstrek het, te wete kom, moet hy die bestuurder daarvan in kennis stel.

PARKERING VAN VLIEGTUIE IN EINDPUNTGEBIED.

14. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig moet toesien—

(a) dat sy vliegtuig geparkeer word op die plek in die eindpuntgebied wat die bestuurder daaraan toegewys het; en

(b) dat sy vliegtuig in die posisie wat die bestuurder vereis, geparkeer word op die plek wat aldus toegewys is;

en as hy weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan die voorwaardes van sodanige toewysing of

ment the manager may have that aircraft parked or positioned so as to comply with the terms of such allocation or requirement and may recover the costs incurred in so parking or positioning that aircraft from the operator of that aircraft and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(2) Save in an emergency no person shall move an aircraft

(a) from the parking place allocated to it in terms of paragraph (a) of sub-regulation (1); or

(b) from the position in which it was placed in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1);

except with the approval of the manager.

MOVEMENT OF AIRCRAFT IN TERMINAL AREA ON DIRECTION OF MANAGER.

15. (1) The operator of an aircraft which is in the terminal area shall, on being directed to do so by the manager move that aircraft —

(a) from the position in which it was placed in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1) of regulation 14 to another position in the same parking place;

(b) from the parking place in which it was parked in terms of paragraph (a) of sub-regulation (1) of regulation 14 to any other parking place in the terminal area; or

(c) from the terminal area;

and if the operator of that aircraft refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that aircraft moved to comply with such direction and may recover the costs incurred in having that aircraft so moved from the operator of that aircraft and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(2) An aircraft moved to another position under the provisions of paragraph (a) of sub-regulation (1) shall be deemed to have been placed in its new position in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1) of regulation 14 and an aircraft moved to another parking place under the provisions of paragraph (b) of sub-regulation (1) shall be deemed to have been parked in its new parking place in terms of paragraph (a) of sub-regulation (1) of regulation 14.

MOVEMENT OF VEHICLES IN TERMINAL AREA ON DIRECTION OF MANAGER

16. The person in lawful charge of a vehicle in the terminal area shall, on being directed to do so by the manager move that vehicle —

(a) to another place in the terminal area indicated by the manager; or

(b) from the terminal area;

and if such person refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager may have that vehicle moved to comply with such direction and may recover from such person the costs incurred in having that vehicle so moved and any such action by the manager shall not exempt such person from a prosecution in respect of such refusal or failure.

SECURING OF PARKED AIRCRAFT

17. An aircraft parked in the terminal area and unattended shall be properly moored or otherwise secured by the operator of that aircraft.

PERSONS OR CARGO CARRIED IN AIRCRAFT ARRIVING FROM OUTSIDE THE REPUBLIC.

18. No person shall be disembarked or cargo unloaded from an aircraft arriving on the aerodrome from any point outside the Republic until permission for such dis-

vereiste te voldoen nie, kan die bestuurder daardie vliegtuig so laat parkeer of opstel dat dit aan die voorwaardes van sodanige toewysing of vereiste voldoen en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig aldus te parkeer of op te stel op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie die eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval mag niemand 'n vliegtuig —

(a) uit die parkeerplek wat ingevolge paragraaf (a) van subregulasie (1) daaraan toegewys is; of

(b) uit die posisie waarin dit ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (1) opgestel is,

beweeg nie, behalwe met die goedkeuring van die bestuurder.

BEWEGING VAN VLIEGTUIE IN EINDPUNTGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

15. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat binne die eindpuntgebied is, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig —

(a) uit die posisie waarin dit ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (1) van regulasie 14 opgestel is, in 'n ander posisie op dieselfde parkeerplek;

(b) uit die parkeerplek waarin dit ingevolge paragraaf (a) van subregulasie (1) van regulasie 14 geparkeer is, na 'n ander parkeerplek in die eindpuntgebied; of

(c) uit die eindpuntgebied,

beweeg en as die eksploitant van daardie vliegtuig weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie vliegtuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie vliegtuig aldus te laat beweeg op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(2) Daar word geag dat 'n vliegtuig wat kragtens die bepalings van paragraaf (a) van subregulasie (1) in 'n ander posisie beweeg is, ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (1) van regulasie 14 in sy nuwe posisie opgestel is en dat 'n vliegtuig wat kragtens die bepalings van paragraaf (b) van subregulasie (1) na 'n ander parkeerplek beweeg is, ingevolge paragraaf (a) van subregulasie (1) van regulasie 14 op sy nuwe parkeerplek geparkeer is.

BEWEGING VAN VOERTUIE IN EINDPUNTGEBIED IN OPDRAG VAN BESTUURDER.

16. Die persoon wat wettiglik in beheer is van 'n voertuig in die eindpuntgebied moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie voertuig —

(a) na 'n ander plek in die eindpuntgebied wat die bestuurder aanwys; of

(b) uit die eindpuntgebied,

beweeg en as sodanige persoon weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder daardie voertuig laat beweeg om aan sodanige opdrag uitvoering te gee en kan hy die koste wat aangegaan is om daardie voertuig aldus te laat beweeg, op sodanige persoon verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige persoon van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

BEVEILIGING VAN GEPARKEERDE VLIEGTUIE.

17. 'n Vliegtuig wat in die eindpuntgebied geparkeer staan en nie bewaak word nie, moet behoorlik vasgemeer of op 'n ander wyse deur die eksploitant van daardie vliegtuig beveilig word.

PERSONE OF VRAG VERVOER IN VLIEGTUIE WAT VAN BUITE DIE REPUBLIEK AANKOM.

18. Niemand mag uit 'n vliegtuig wat van 'n punt buite die Republiek op die vliegveld aankom, uitstap nie

mbarkation or unloading has been granted by the customs or health authorities, or if necessary, by both such authorities.

EMBARKATION OR DISEMBARKATION OF PERSONS IN OR FROM AIRCRAFT

19. (1) The operator of an aircraft in which persons are to be embarked or from which persons are to be disembarked in the terminal area —

(a) shall supervise the embarking or disembarking of persons from that aircraft; and

(b) shall, if the construction of that aircraft requires the use of passenger steps for embarking or disembarking persons in or from that aircraft ensure that passenger steps have been correctly and securely placed at each aircraft door which is to be used for embarking or disembarking persons in or from that aircraft before persons embark in or disembark from that aircraft.

(2) Save in an emergency or with the approval of the manager no person shall on the aerodrome embark in or disembark from an aircraft except in the terminal area.

LOADING OR UNLOADING OF CARGO IN OR FROM AIRCRAFT

20. (1) The operator of an aircraft which is to be loaded or unloaded in the terminal area —

(a) shall ensure that all working holds and doors of that aircraft are open to permit of the efficient loading or unloading of that aircraft;

(b) shall ensure that proper labels are affixed to all items of cargo which are to be carried in that aircraft; and

(c) shall supervise the loading or unloading of that aircraft and shall ensure, when that aircraft is being loaded, that each item of cargo is placed in its appropriate place in that aircraft.

(2) Save in an emergency or with the approval of the manager no person shall on the aerodrome load cargo in or unload cargo from an aircraft except in the terminal area.

LOADING OR UNLOADING DANGEROUS CARGO IN OR FROM AIRCRAFT

21. (1) The operator of an aircraft in which dangerous cargo is to be loaded or from which dangerous cargo is to be unloaded, as the case may be, in the terminal area shall before loading or unloading such dangerous cargo inform the manager of the nature of such dangerous cargo and the proposed time and method of its loading or unloading.

(2) If the operator of an aircraft has, in terms of sub-regulation (1), informed the manager of the proposed loading or unloading and the manager considers that persons or property on the aerodrome will be endangered by the proposed loading or unloading he may —

(a) permit such loading or unloading subject to such conditions as he may deem necessary to impose with a view to safeguarding persons or property on the aerodrome; or

(b) prohibit such loading or unloading; or

(c) direct that such loading or unloading be undertaken at another time or by another method or at another time and by another method and he may, in addition, impose any condition which he may deem necessary for the purpose of safeguarding persons or property on the aerodrome.

(3) If dangerous cargo has been loaded in or unloaded from an aircraft without the permission of the manager he may direct that such dangerous cargo be unloaded from or reloaded in that aircraft, or give such other directions or impose such conditions as he may deem necessary with a view to safeguarding persons or property on the aerodrome.

(4) The operator of an aircraft which is carrying dangerous cargo on the aerodrome shall, if directed to do so by the manager, move that aircraft to another place on the aerodrome and keep that aircraft in that place until the manager grants permission for that aircraft to be moved.

en ook mag geen vrag daaruit afgelaai word voordat die Doeane- of Gesondheidsowerheid, of indien nodig, albei hierdie owerhede, toestemming daartoe verleen het nie.

INSTAP OF UITSTAP VAN PERSONE IN OF UIT VLIEGTUIE.

19. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig waarin persone gaan instap of waaruit persone gaan uitstap in die eindpuntgebied, moet —

(a) oor die in of uitstap van persone in of uit daardie vliegtuig toesig hou; en

(b) indien daardie vliegtuig so gebou is dat passasierstrappe vir die in- of uitstap van persone in of uit daardie vliegtuig gebruik moet word, toesien dat passasierstrappe reg en stewig geplaas is by elke deur van die vliegtuig wat vir die in- of uitstap van persone in of uit daardie vliegtuig gebruik gaan word voordat persone in of uit daardie vliegtuig stap.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval of met die goedkeuring van die bestuurder, mag niemand op die vliegveld in of uit 'n vliegtuig stap nie, behalwe in die eindpuntgebied.

LAAI OF AFLAAI VAN VRAG IN OF UIT VLIEGTUIE.

20. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat in die eindpuntgebied gelaai of afgelaai moet word, moet —

(a) toesien dat alle werkruime en deure van daardie vliegtuig oop is sodat daardie vliegtuig doeltreffend gelaai of afgelaai kan word;

(b) toesien dat behoorlike etikette geheg word aan alle vragitems wat in daardie vliegtuig vervoer gaan word; en

(c) toesig hou oor die laai en aflaai van daardie vliegtuig en sorg dat, wanneer daardie vliegtuig gelaai word, elke vragitem op die daarvoor bestemde plek in daardie vliegtuig geplaas word.

(2) Uitgesonderd in 'n noodgeval of met die goedkeuring van die bestuurder, mag niemand op die vliegvelg vrag in 'n vliegtuig laai of daaruit aflaai nie, behalwe in die eindpuntgebied.

LAAI OF AFLAAI VAN GEVAARLIKE VRAG IN OF UIT VLIEGTUIE.

21. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig waarin gevaarlike vrag gelaai of waaruit gevaarlike vrag afgelaai gaan word in die eindpuntgebied, na gelang, moet voordat sodanige gevaarlike vrag gelaai of afgelaai word, die bestuurder in kennis stel van die aard van sodanige gevaarlike vrag en van die voorgestelde tyd en metode vir die laai of aflaai daarvan.

(2) As die eksploitant van 'n vliegtuig die bestuurder ingevolge subregulasie (1) van die voorgestelde laai of aflaai in kennis gestel het en die bestuurder reken dat persone of eiendom op die vliegveld deur die voorgestelde laai of aflaai in gevaar gestel sal word, kan hy —

(a) sodanige laai of aflaai toelaat onderhewig aan die voorwaardes wat hy nodig ag om op te lê ten einde persone of eiendom op die vliegveld te beveilig; of

(b) sodanige laai of aflaai belet; of

(c) gelas dat sodanige laai of aflaai op 'n ander tyd of volgens 'n ander metode of op 'n ander tyd en volgens 'n ander metode geskied en kan hy verder enige voorwaarde oplê wat hy nodig ag ten einde persone of eiendom op die vliegveld te beveilig.

(3) As gevaarlike vrag sonder die toestemming van die bestuurder in 'n vliegtuig gelaai of daaruit afgelaai is, kan hy opdrag gee dat sodanige gevaarlike vrag uit daardie vliegtuig afgelaai of weer daarin gelaai word, of sodanige ander opdragte gee of voorwaardes oplê as wat hy nodig ag ten einde persone of eiendom op die vliegveld te beveilig.

(4) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat gevaarlike vrag op die vliegveld vervoer, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, daardie vliegtuig na 'n ander plek op die vliegveld beweeg en daardie vliegtuig op daardie plek hou totdat die bestuurder toestemming verleen dat daardie vliegtuig beweeg kan word.

(5) If the operator of an aircraft in which dangerous cargo is carried refuses or fails or is not present to comply forthwith with any prohibition made by the manager in terms of sub-regulation (2) or with any direction given by the manager in terms of sub-regulation (2), (3) or (4) or refuses or fails or is not present to comply forthwith with a condition imposed by the manager in terms of sub-regulation (2) or (3), the manager may take all steps necessary to ensure that any such prohibition, direction or condition is complied with as expeditiously and safely as possible and may recover from the operator of that aircraft the costs incurred in ensuring compliance with such prohibition, direction or condition and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

(6) For the purpose of this regulation the expression "dangerous cargo" means an explosive substance and any other article or thing (whether explosive or not) which by reason of its nature is liable to endanger the safety of aircraft or persons or property on the aerodrome but does not include any substance or thing which, although such substance or thing is dangerous cargo as defined herein, may, without special permission be carried in an aircraft in terms of the regulations, made under the Ordinance, relating to the carriage of dangerous goods in an aircraft.

SUPPLY OF FUEL TO AIRCRAFT

22. (1) No person shall on the aerodrome supply any fuel to any aircraft except at a place and in a manner approved by the manager.

(2) The manager may make any approval granted by him in terms of sub-regulation (1) subject to compliance with such conditions as he may consider necessary to impose in order to safeguard persons or property on the aerodrome and he may from time to time vary or add to any condition so imposed or withdraw his approval.

BOARDING OR TAMPERING WITH AIRCRAFT

23. Except with the permission of the person in lawful charge of an aircraft no person shall, on the aerodrome —

(a) board such aircraft; or

(b) tamper or interfere in any way whatsoever with such aircraft or anything used in connection with such aircraft.

TEST-RUNNING OF AIRCRAFT ENGINES.

24. No person shall test-run an aircraft engine on the aerodrome except at a place designated for the purpose by the manager.

REMOVAL OF DAMAGED OR DISABLED AIRCRAFT

25. (1) The operator of an aircraft which is damaged or disabled on the aerodrome shall, if directed to do so by the manager move such aircraft or any part thereof of any cargo or thing carried therein to another place on the aerodrome indicated by the manager or from the aerodrome.

(2) If the operator of a damaged or disabled aircraft refuses or fails or is not present to comply forthwith with any direction given by the manager in terms of sub-regulation (1), the manager may take all steps necessary to ensure that such direction is complied with as expeditiously and safely as possible and may recover from the operator of that aircraft the costs incurred in ensuring compliance with such direction and any such action by the manager shall not exempt such operator from a prosecution in respect of such refusal or failure.

USE OF ROADS AND PATHS

26. Save in an emergency no person —

(a) shall, on the aerodrome, move a vehicle except on a road;

(5) As die eksploitant van 'n vliegtuig waarin gevaarlike vrag vervoer word, weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n verbod wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2) oplê of 'n opdrag wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2), (3) of (4) gee uitvoering te gee nie, of weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n voorwaarde wat die bestuurder ingevolge subregulasie (2) of (3) oplê, te voldoen nie, kan die bestuurder alle stappe doen wat nodig is om te verseker dat so 'n verbod, opdrag of voorwaarde so spoedig en veilig moontlik nagekom word en kan hy die koste wat aangegaan is om die nakoming van so 'n verbod, opdrag of voorwaarde te verseker, op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

(6) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die uitdrukking „gevaarlike vrag" enige ontplofbare stof en enige ander artikel of ding (hetsy ontplofbaar of nie) wat weens die aard daarvan die veiligheid van vliegtuie of persone of eiendom op die vliegveld in gevaar kan stel maar omvat nie enige stof of ding wat, ofskoon sodanige stof of ding gevaarlike vrag is soos hierin omskryf, sonder spesiale toestemming in 'n vliegtuig vervoer kan word ingevolge die regulasies, kragtens die Ordonnansie gemaak, wat op die vervoer van gevaarlike goedere in 'n vliegtuig betrekking het nie.

VERSKAFFING VAN BRANDSTOF AAN VLIEGTUIE.

22. (1) Niemand mag op die vliegveld brandstof aan 'n vliegtuig verskaf nie behalwe op 'n plek en wyse wat die bestuurder goedkeur.

(2) Die bestuurder kan enige goedkeuring wat hy ingevolge subregulasie (1) verleen, onderworpe stel aan die nakoming van sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag om op te lê ten einde persone of eiendom op die vliegveld te beveilig en hy kan van tyd tot tyd 'n voorwaarde wat aldus opgelê is, wysig of aanvul of sy goedkeuring terugtrek.

AAN BOORD GAAN VAN OF PEUTER AAN VLIEGTUIE.

23. Behalwe met die toestemming van die persoon wat wettiglik in beheer is van 'n vliegtuig, mag niemand op die vliegveld —

(a) aan boord van 'n vliegtuig gaan nie; of

(b) op watter manier ook al aan so 'n vliegtuig of enigiets wat in verband met so 'n vliegtuig gebruik word, peuter of hom daarmee bemoei nie.

PROEFLOOP VAN VLIEGTUIGMOTORE.

24. Niemand mag 'n vliegtuigmotor op die vliegveld laat proefloop nie behalwe op 'n plek wat die bestuurder daarvoor aanwys.

VERWYDERING VAN BESKADIGDE OF ONTREDDERDE VLIEGTUIE.

25. (1) Die eksploitant van 'n vliegtuig wat op die vliegveld beskadig of ontredder raak, moet, indien hy aldus deur die bestuurder opdrag gegee is, sodanige vliegtuig of 'n gedeelte daarvan of enige vrag of ding wat daarin vervoer word, na 'n ander plek op die vliegveld wat die bestuurder aanwys of van die vliegveld af verwyder.

(2) As die eksploitant van 'n beskadigde of ontredderde vliegtuig weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan 'n opdrag wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) gee, te voldoen nie, kan die bestuurder alle stappe doen wat nodig is om te verseker dat sodanige opdrag so spoedig en veilig moontlik nagekom word en kan hy die koste wat aangegaan is om te verseker dat sodanige opdrag nagekom word, op die eksploitant van daardie vliegtuig verhaal, en enige sodanige optrede deur die bestuurder stel nie sodanige eksploitant van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

GEBRUIK VAN PAAIE EN LOOPPAAIE.

26. Uitgesonderd in 'n noodgeval, mag niemand —

(a) op die vliegveld, 'n voertuig beweeg nie behalwe op 'n pad;

(b) on the aerodrome, other than a person in the terminal area or in a building or structure erected on the aerodrome, shall move on foot except on a path; Provided that if no path is available a person may move on foot on a road but shall then keep as closely as possible to the right-hand side of the road in question so as to face oncoming traffic; or

(c) shall, on the aerodrome, obstruct free passage along a road or a path: Provided that this paragraph shall not apply to a vehicle parked in a place where a vehicle of that particular type or class may be parked in accordance with a road traffic sign erected or placed in terms of regulation 29.

VEHICLES TO KEEP LEFT

27. Any person driving a vehicle on a road shall do so with due care and in such a manner as not to encroach on that half of the road to his right, unless he can do so without obstructing or endangering other traffic thereon and such encroachment is not prohibited in terms of a road traffic sign or unless he does so in compliance with the direction of a policeman.

DRIVING OF MOTOR VEHICLE

28. (1) No person shall drive a motor vehicle on the aerodrome unless he is the holder of a licence which entitles him in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Territory, to drive that motor vehicle upon a public road in the Territory.

(2) The manager or a policeman may demand from the driver of any motor vehicle on the aerodrome the production of the licence which so entitles him to drive that motor vehicle.

(3) For the purpose of this regulation the expression "motor vehicle" shall have the meaning assigned to it in the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Territory.

REGULATION OR PROHIBITION OF VEHICULAR OR OTHER TRAFFIC

29. (1) The manager may, in respect of any road or any portion of such road, by means of one or more appropriate road traffic signs erected or placed along such road or portion of a road —

(a) fix a speed limit;

(b) indicate where, the manner in which and for what period vehicles or certain types or classes of vehicles may be parked;

(c) indicate where vehicles or certain types or classes of vehicles may not be parked;

(d) indicate where vehicles shall come to a stop before proceeding;

(e) indicate points at which pedestrians may cross a road; and

(f) give such other directions for the regulation or prohibition of traffic as may from time to time be necessary.

(2) The manager may on the aerodrome demarcate one or more areas, not forming part of a road, where vehicles or particular types or classes of vehicles may be parked and any such area shall for the purpose of these regulations be deemed to be a road.

(3) Every person shall obey a road traffic sign: Provided that a road traffic sign shall not apply to any person operating an ambulance or fire engine lawfully in use as such or to a policeman using any vehicle in the execution of his duty.

(4) Every person shall obey a direction given by a policeman for the purpose of controlling traffic on a road.

(5) No person shall remove any road traffic sign erected or placed in terms of this regulation or wilfully or negligently damage such road traffic sign or without the permission of the manager alter the position or design of any inscription, lettering, colour or marking thereon or thereof.

(b) op die vliegveld uitgesonderd 'n persoon in die eindpuntgebied of in 'n gebou of bouwerk wat op die vliegveld opgerig is, te voet loop nie, behalwe op 'n looppad: Met dien verstande dat as daar geen looppad is nie, 'n persoon op 'n pad te voet mag loop maar dan so na as moontlik aan die regterkant van die betrokke pad moet bly sodat hy naderende verkeer kan sien; of

(c) op die vliegveld, vry deurgang langs 'n pad of looppad versper nie: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n voertuig wat geparkeer staan op 'n plek waar 'n voertuig van daardie besondere tipe of klas ooreenkomstig 'n padverkeersteken wat ingevolge regulasie 29 daar opgerig of aangebring is, geparkeer mag word.

VOERTUIE MOET LINKS HOU.

27. Enigiemand wat 'n voertuig op 'n pad dryf, moet dit met die nodige versigtigheid en op so 'n wyse doen dat hy nie die grens van die helfte van die pad aan sy regterkant oorsteek nie, tensy hy dit kan doen sonder om ander verkeer daarop te belemmer of in gevaar te stel en sodanige oorsteking nie ingevolge 'n padverkeersteken belet word nie, of tensy hy dit in uitvoering van die opdrag van 'n polisiebeampte doen.

DRYF VAN MOTORVOERTUIE.

28. (1) Niemand mag 'n motorvoertuig op die vliegveld dryf nie, tensy hy die houer is van 'n lisensie wat ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Gebied, aan hom die reg verleen om daardie motorvoertuig op 'n publieke pad in die Gebied te dryf.

(2) Die bestuurder of 'n polisiebeampte kan van die drywer van 'n motorvoertuig op die vliegveld vereis om die lisensie te toon wat aldus aan hom die reg verleen om daardie motorvoertuig te dryf.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie het die uitdrukking „motorvoertuig" die betekenis wat dit het in die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Gebied.

REËLING OF BELETTING VAN VOERTUIG- OF ANDER VERKEER.

29. (1) Die bestuurder kan, ten opsigte van 'n pad of gedeelte van so 'n pad, deur middel van een toepaslike padverkeersteken of meer wat langs so 'n pad of gedeelte van 'n pad opgerig of aangebring is —

(a) 'n snelheidsgrens vasstel;

(b) aandui waar, hoe en hoe lank voertuie of sekere tipes of klasse voertuie geparkeer mag word;

(c) aandui waar voertuie of sekere tipes of klasse voertuie nie geparkeer mag word nie;

(d) aandui waar voertuie moet stilhou voordat hulle verder gaan;

(e) punte aandui waar voetgangers 'n pad mag oorsteek; en

(f) sodanige ander opdragte vir die reëling of beletting van verkeer gee as wat van tyd tot tyd nodig is.

(2) Die bestuurder kan op die vliegveld een terrein of meer wat nie deel van 'n pad uitmaak nie, afbaken waar voertuie of bepaalde tipes of klasse voertuie geparkeer mag word en vir die toepassing van hierdie regulasies word geag dat so 'n terrein 'n pad is.

(3) Iedere persoon moet 'n padverkeersteken gehoorsaam; Met dien verstande dat 'n padverkeersteken nie van toepassing is nie op iemand wat 'n ambulans of brandweerwa, wat wettig as sodanig in gebruik is, bedien of op 'n polisiebeampte wat in die uitvoering van sy plig 'n voertuig gebruik.

(4) Iedere persoon moet 'n opdrag wat 'n polisiebeampte gee ten einde verkeer op 'n pad te reël, gehoorsaam.

(5) Niemand mag 'n padverkeersteken wat ingevolge hierdie regulasie opgerig of aangebring is, verwyder of so 'n padverkeersteken opsetlik of uit nalatigheid beskadig of die posisie of ontwerp van enige opskrif, letters, kleur of merk daarop of daarvan sonder die toestemming van die bestuurder verander nie.

(6) A road traffic sign erected or placed in terms of this regulation shall be in the form prescribed for a road traffic sign or a warning sign or a traffic sign, as the case may be, by the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Territory and all existing road traffic signs on the aerodrome which comply with this requirement shall be deemed to have been erected or placed by the manager in terms of this regulation.

(7) Whenever a vehicle is parked otherwise than in compliance with a road traffic sign erected or placed in terms of this regulation, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such vehicle was parked by the owner thereof.

(8) A document purporting to be an extract from or copy of, any entry relating to the identity of the owner of any vehicle contained in any register or record kept by any person or authority in terms of the laws relating to the registration and licensing of vehicles and purporting to be certified as such by such person or authority, shall for the purposes of this regulation be admissible as evidence and on its mere production by any person be *prima facie* proof of the identity of the owner of such vehicle.

REGULATING OF PARKING AND IMPOSITION OF FEES

30. (1) The manager may install a parking meter in conjunction with any parking place demarcated in terms of regulation 29.

(2) No person shall park any vehicle, or cause any vehicle to be parked, in any such parking place unless at the same time there shall be inserted by him or on his behalf in the parking meter installed in conjunction with such parking place the appropriate coin indicated in the legend on such meter; Provided that it shall be lawful without such payment to park a vehicle in a vacant parking place for such part of any parking period as the park-ink meter may indicate to be unexpired.

(3) No person shall leave any vehicle in any such parking place unless the parking meter installed in conjunction with such parking place indicates that the parking period has not expired.

(4) The insertion of a prescribed coin in a parking meter in accordance with the legend thereon shall entitle the person inserting it or on whose behalf it is inserted to park a vehicle in the appropriate parking place for the parking period corresponding with the payment so made: Provided that notwithstanding the making of a payment as aforesaid, nothing in this regulation shall entitle any person to contravene any road traffic sign temporarily prohibiting the parking of vehicles in such parking place.

(5) No person shall —

(a) insert or attempt to insert into a parking meter any coin other than a coin of South African currency of a denomination as indicated by legend on the parking meter;

(b) insert or attempt to insert into a parking meter any false or counterfeit coin or any foreign object;

(c) damage or deface, soil, obliterate or otherwise render less visible the face or dial of a parking meter or write or draw on, or affix any handbill, poster, placard or other article, whether or not of an advertising nature, to a parking meter.

(d) in any way whatsoever cause or attempt to cause a parking meter to record the passage of time otherwise than by the insertion of the coin referred to in paragraph (a);

(e) jerk, knock, shake or in any way interfere with a parking meter in a manner contrary to its normal operation for any purpose whatsoever;

(f) deface, soil, obliterate or otherwise render less visible or interfere with any mark painted on a

(6) 'n Padverkeersteken wat ingevolge hierdie regulasie opgerig of aangebring word, moet in die vorm wees wat in die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Gebied vir 'n padverkeersteken of; waarskuwingsteken of 'n verkeersteken na gelang, voorgeskryf word en daar word geag dat alle bestaande padverkeerstekens op die vliegveld wat aan hierdie vereiste voldoen ingevolge hierdie regulasie deur die bestuurder opgerig of aangebring is.

(7) Wanneer 'n voertuig anders as in ooreenstemming met 'n padverkeersteken wat kragtens hierdie regulasie opgerig is, geparkeer word, word daar vermoed, tot die teendeel bewys word dat sodanige voertuig deur die eienaar daarvan geparkeer is.

(8) 'n Dokument waarin voorgegee word dat dit 'n uittreksel is uit of 'n afskrif is van enige inskrywing met betrekking tot die identiteit van die eienaar van 'n voertuig soos bevat in enige register of rekord wat deur enige persoon of owerheid kragtens die bepalings van die wette met betrekking tot die registrasie en lisensiëring van voertuie gehou word en waarin voorgegee word dat dit as sodanig deur sodanige persoon of owerheid gesertifiseer is, is vir die toepassing van hierdie regulasie toelaatbaar as getuienis en is by blote voorlegging daarvan deur enige persoon *prima facie* bewys van die identiteit van die eienaar van sodanige voertuig.

REËLING VAN PARKERING EN OPLEGGING VAN GELDE.

30. (1) Die bestuurder kan 'n parkeermeter oprig gepaard met enige parkeerplek afgemerk kragtens regulasie 29.

(2) Niemand mag 'n voertuig in enige sodanige parkeerplek parkeer of dit daar laat parkeer nie tensy daar terselfdertyd deur of ten behoewe van hom die gepaste muntstuk wat deur die opskrif op die parkeermeter wat gepaard met sodanige parkeerplek opgerig is in sodanige parkeermeter geplaas word: Met dien verstande dat dit wettig is om sonder sodanige betaling 'n voertuig in 'n onbesette parkeerplek te parkeer vir sodanige gedeelte van 'n parkeertydperk wat die parkeermeter as onverstreke aantoon.

(3) Niemand mag 'n voertuig in sodanige parkeerplek laat nie tensy die parkeermeter wat gepaard met sodanige parkeerplek opgerig is, aantoon dat die parkeertydperk nie verstreke is nie.

(4) Die plasing van 'n voorgeskrewe muntstuk in 'n parkeermeter ooreenkomstig die opskrif daarop maak die persoon wat die muntstuk daarin plaas of die persoon ten behoewe waarvan die muntstuk in die parkeermeter geplaas is geregtig om 'n voertuig in die gepaste parkeerplek vir die tydperk wat ooreenstem met die betaling wat aldus gedoen is, te parkeer: Met dien verstande dat ondanks bogemelde betaling niks in hierdie regulasie iemand daarop geregtig maak nie om 'n padverkeersteken te verontagsaam wat tydelik die parkering van voertuie in sodanige parkeerplek verbied.

(5) Niemand mag —

(a) 'n geldstuk behalwe 'n geldstuk van die Suid-Afrikaanse geldstelsel en van 'n soort soos deur die opskrif op die parkeermeter aangedui, in 'n parkeermeter plaas of daarin probeer plaas nie;

(b) 'n vals of nagemaakte muntstuk of 'n vreemde voorwerp in 'n parkeermeter plaas of daarin probeer plaas nie;

(c) die voorkant of wyserplaat van 'n parkeermeter beskadig of skend, vuilsmeer, uitskrap of dit op 'n ander wyse minder sigbaar maak of daarop skryf of teken of 'n strooi- of aanplakbiljet, plakkaat of ander artikel hetsy dit van advertensie aard is of nie, aan 'n parkeermeter aanbring nie;

(d) op watter wyse ook al veroorsaak of probeer veroorsaak dat die parkeermeter die tydsverloop aanteken op 'n ander wyse as deur die plasing van die muntstuk daarin waarna in paragraaf (a) verwys word nie;

(e) 'n parkeermeter ruk, slaan, skud of op enige wyse daaraan peuter vir watter doel ook al op 'n wyse in teenstelling met sy normale werking nie;

(f) enige merk wat op 'n parkeerplek geverf is of enige opskrif, teken of kennisgewing wat vir die

parking place, or any legend, sign or notice affixed or erected for the purposes of this regulation.

(6) For the purposes of any proceedings under this regulation any parking meter shall be deemed to be in proper working order and to be recording the passage of time correctly unless the contrary is proved.

(7) The provisions of sub-regulations (7) and (8) of regulation 29 shall *mutatis mutandis* apply to the parking or leaving of a vehicle in contravention of the provisions of this regulation.

UNAUTHORISED ACTS IN RELATION TO VEHICLES

31. No person shall on the aerodrome without reasonable cause or without the knowledge or consent of the person in lawful charge of a vehicle —

(a) set the machinery thereof in motion; or

(b) in any way interfere with the machinery, accessories or parts of any vehicle; or

(c) enter or climb upon such vehicle, with intend to commit a crime:

Provided that this regulation shall not apply to the manager or a policeman or other officer when exercising any power or performing any duty conferred or imposed upon him by these regulations or any other law.

MOVING VEHICLE ON DIRECTION OF MANAGER OR POLICEMAN

32. The person in lawful charge of a vehicle which is parked on the aerodrome outside the restricted area and the terminal area but not in a place where a vehicle of that particular type or class may, in accordance with a road traffic sign, be parked or which is parked or left in contravention of the Provisions of Regulation 30 shall on being directed to do so by the manager or a policeman, move that vehicle —

(a) to another place on the aerodrome indicated by the manager; or

(b) from the aerodrome;

and if such person refuses or fails or is not present to comply forthwith with such direction the manager or a policeman may have that vehicle moved to such other place or from the aerodrome and any such action by the manager or a policeman shall not exempt such person from a prosecution in respect of such refusal or failure.

DRIVING A VEHICLE RECKLESSLY OR NEGLIGENTLY UNDER THE INFLUENCE OF LIQUOR OR A DRUG, DANGEROUSLY OR WITHOUT DUE CARE FOR OTHERS.

33. No person shall drive a vehicle on a road —

(a) recklessly or negligently;

(b) while under the influence of intoxicating liquor or a narcotic drug;

(c) at a speed or in a manner which is dangerous to other users of the road, regard being had to all the circumstances of the case, including the nature, condition and use of the road and to others actually using the road or who might reasonably be expected to be using the road; or

(d) without due care and attention or without reasonable consideration for other users of the road.

DAMAGE TO ROADS.

34. No person shall on a road —

(a) use any vehicle or move any vehicle or machine or implement in a manner likely to cause damage to such road: Provided that it shall be a defence to a prosecution under this paragraph if the person charged proves to the satisfaction of the court that the damage was a direct result of the extricating or safeguarding of any vehicle, that such

toepassing van hierdie regulasie aangebring of opgerig is, skend, vuilsmeer, uitwis of op 'n ander wyse minder sigbaar maak of daaraan peuter nie.

(6) Vir die doeleindes van enige verigtinge ingevolge hierdie regulasie, word enige parkeermeter geag in goeie werkende toestand te wees en die verloop van tyd korrek te registreer tensy die teendeel bewys word.

(7) Die bepalings van subregulasies (7) en (8) van regulasie 29 is *mutatis mutandis* op die parkering of laat van 'n voertuig in stryd met die bepalings van hierdie regulasie van toepassing.

ONGEOORLOOFDE HANDELINGE MET BETREKKING TOT VOERTUIE.

31. Niemand mag op die vliegveld sonder redelike oorsaak of sonder die wete of toestemming van die persoon in wettige beheer van 'n voertuig —

(a) die masjinerie daarvan in werking stel nie; of
(b) op watter manier ook al aan die masjinerie, bybehore of dele van 'n voertuig peuter of hom daarmee bemoei nie; of
(c) met die doel om 'n misdaad te pleeg, in of op so 'n voertuig klim nie:

Met dien verstande dat hierdie regulasie nie van toepassing is nie op die bestuurder of 'n polisiebeampte of ander beampte wanneer hy 'n bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie regulasies of enige ander wet aan hom opgedra of opgelê is, uitoefen.

BEWEGING VAN VOERTUIG IN OPDRAG VAN BESTUURDER OF POLISIEBEAMPTE.

32. Die persoon in wettige beheer van 'n voertuig wat buite die beperkingsgebied en die eindpuntgebied op die vliegveld geparkeer is, maar nie op 'n plek waar 'n voertuig van daardie besondere tiepe of klas ooreenkomstig 'n padverkeersteken mag parkeer nie, of wat in stryd met die bepalings van regulasie 30 geparkeer of gelaat is moet, indien hy aldus deur die bestuurder of 'n polisiebeampte opdrag gegee is, daardie voertuig —

(a) na 'n ander plek op die vliegveld wat die bestuurder aanwys; of
(b) van die vliegveld af,

beweeg en as sodanige persoon weier of versuim of nie teenwoordig is om onverwyld aan sodanige opdrag uitvoering te gee nie, kan die bestuurder of 'n polisiebeampte daardie voertuig na sodanige ander plek of van die vliegveld af laat beweeg en enige sodanige optrede deur die bestuurder of 'n polisiebeampte stel nie die persoon van vervolging ten opsigte van sodanige weiering of versuim vry nie.

DRYF VAN 'N VOERTUIG OP 'N ROEKELOSE OF NALATIGE WYSE, ONDER DIE INVLOED VAN DRANK OF 'N VERDOWINGSMIDDEL, OP 'N GEVAARLIKE WYSE OF SONDER BEHOORLIKE INAGNEMING VAN ANDERE.

33. Niemand mag 'n voertuig op 'n pad —

(a) op 'n roekelose of nalatige wyse;
(b) onder die invloed van sterk drank of 'n verdowingsmiddel;
(c) met 'n snelheid of op 'n wyse wat vir ander gebruikers van die pad gevaarlik is, met inagneming van al die omstandighede van die geval insluitende die aard, toestand en gebruik van die pad en van andere wat werklik die pad gebruik of van wie redelikerwys verwag kan word dat hulle die pad sal gebruik; of
(d) sonder die nodige versigtigheid en aandag of sonder redelike inagneming van ander gebruikers van die pad,

dryf nie.

BESKADIGING VAN PAAIE.

34. Niemand mag op 'n pad —

(a) 'n voertuig gebruik of 'n voertuig of masjien of werktuig beweeg op so 'n wyse dat dit die pad kan beskadig nie: Met dien verstande dat dit by 'n vervolging kragtens hierdie paragraaf 'n verweer uitmaak as die aangeklaagde persoon tot oortuiging van die hof bewys dat die skade 'n regstreekse gevolg van die uitsleep of beveiliging van

damage was repaired to the best of his ability and that the road was left in a passable condition; or

(b) deposit any petrol or other liquid fuel or any oil or grease or any other inflammable or offensive matter, or ashes or other refuse.

WHEN LIGHTS ARE TO BE SHOWN.

35. No person shall on a road during the period between half an hour after sunset and half an hour before sunrise or at any other time when there is not sufficient daylight to render clearly visible a person, vehicle, road traffic sign or other substantial object which may be encountered on a road at a distance of five hundred feet, drive any vehicle on a road unless such lamps and reflectors are fitted to and such lights displayed on such vehicle as would have been necessary in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Territory if such vehicle had been driven during such period or time on a public road in the Territory: Provided that during any such period or time lights need not be so displayed on a vehicle parked —

(a) in a place where a vehicle of that particular type or class may be parked in accordance with a road traffic sign erected or placed in terms of regulation 29; or

(b) within a distance of forty feet from a lighted road lamp illuminating the road on which such vehicle is parked.

UNROADWORTHY VEHICLES.

36. No person shall on a road use a vehicle which is not in a roadworthy condition in terms of the law relating to the licensing and registration of motor vehicles in force in the Territory: Provided that a vehicle in respect of which a certificate has been issued in terms of the said law by an authority, competent to do so, to the effect that the vehicle in question is roadworthy shall, until the contrary be proved, be deemed to be in a roadworthy condition.

STOPPING AFTER ACCIDENT.

37. (1) The driver of a vehicle which is involved in an accident on a road in which any other person or any animal is injured or killed or in which damage is caused to any vehicle or other property of any other person shall immediately stop his vehicle and, having first rendered such assistance to any person injured as he may be capable of rendering, shall forthwith report such accident to the manager and to a policeman to whom he shall give his name and address, the name and address of the owner of the vehicle driven by him and in the case of a motor vehicle the registration or similar mark thereof. The driver of the said vehicle shall not, except on instructions of or when administered by a medical practitioner in the case of injury or shock, take any intoxicating liquor, or narcotic drug unless he has reported such accident to the manager and to a policeman and has been examined by a medical practitioner if such examination is required by the manager or a policeman.

(2) No person shall remove any vehicle involved in an accident on a road, in which another person or an animal is injured or killed or damage is caused to the property of another person, from the position in which it came to rest, until such removal has been authorised by a policeman, except when such accident causes complete obstruction of a road in which event the vehicle involved may, without such authority, and after its position has been clearly marked on the surface of the road by the person moving it, be moved sufficiently to allow the passage of traffic.

(3) For the purpose of this regulation the word "animal" means any bovine animal, horse, ass, mule, dog, sheep, goat or pig.

SAFETY MEASURES AGAINST FIRE

38. (1) No person shall on the aerodrome —

(a) smoke in or bring an open flame into —

'n voertuig was, dat die skade na sy beste vermoë herstel is en dat die pad in 'n begaanbare toestand gelaat is; of

(b) petrol of ander vloeibare brandstof of olie of ghries of enige ander ontvlambare of aanstootlike stof, of as of ander afval gooi nie.

WANNEER LIGTE AANGESKAKEL MOET WEES

35. Niemand mag gedurende die tydperk tussen 'n halfuur na sononder en 'n halfuur voor sonop, of op enige ander tyd wanneer daar nie genoeg daglig is om 'n persoon, voertuig, padverkeersteken of ander aansienlike voorwerp wat op 'n pad teëgekom kan word, op 'n afstand van vyfhonderd voet duidelik te kan sien, 'n voertuig op 'n pad dryf nie, tensy die voertuig voorsien is van die lampe en kaatsers en die ligte vertoon wat ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Gebied, nodig sou gewees het as die voertuig gedurende daardie tydperk of op daardie tyd op 'n publieke pad in die Gebied gedryf is: Met dien verstande dat ligte nie gedurende enige sodanige tydperk of op enige sodanige tyd aldus vertoon hoef te word nie op 'n voertuig wat geparkeer is —

(a) op 'n plek waar 'n voertuig van daardie besondere tipe of klas geparkeer mag word ooreenkomstig 'n padverkeersteken wat ingevolge regulasie 29 opgerig of aangebring is; of

(b) binne 'n afstand van veertig voet vanaf 'n brandende padlamp wat die pad waarop die voertuig geparkeer is, verlig.

ONPADWAARDIGE VOERTUIE.

36. Niemand mag op 'n pad 'n voertuig gebruik wat, ingevolge die wet met betrekking tot die lisensiëring en registrasie van motorvoertuie wat van krag is in die Gebied, nie in 'n padwaardige toestand is nie: Met dien verstande dat 'n voertuig ten opsigte waarvan 'n sertifikaat uitgereik is ingevolge gemelde wet deur 'n bevoegde gesag ten effekte dat die betrokke voertuig padwaardig is, geag word in 'n padwaardige toestand te wees totdat die teendeel bewys word.

STILHOU NA ONGELUK.

37. (1) Die drywer van 'n voertuig wat op 'n pad betrokke raak in 'n ongeluk waarin 'n ander persoon of 'n dier beseer of gedood word of waarin 'n voertuig of ander eiendom van 'n ander persoon beskadig raak, moet onmiddellik sy voertuig tot stilstand bring en nadat hy al die hulp aan enige beseerde persoon verleen het wat hy in staat is om te verleen die ongeluk onverwyld by die bestuurder en by 'n polisiebeampte aanmeld aan wie hy sy naam en adres en die naam en adres van die eienaar van die voertuig deur hom gedryf, moet gee en in die geval van 'n motorvoertuig ook die registrasie- of soortgelyke merk daarvan. Die drywer van genoemde voertuig mag nie, uitgesonderd op las van, of wanneer dit deur 'n geneesheer toegedien word in die geval van besering of skok, enige sterk drank drink of narkotiese middel neem nie tensy hy die ongeluk by die bestuurder en 'n polisiebeampte aangemeld het en deur 'n geneesheer ondersoek is, indien sodanige ondersoek deur die bestuurder of 'n polisiebeampte vereis word.

(2) Niemand mag 'n voertuig wat op 'n pad betrokke raak in 'n ongeluk waarin 'n ander persoon of 'n dier beseer of gedood word of waarin die eiendom van 'n ander persoon beskadig raak, uit die posisie waarin dit tot stilstand gekom het, verwyder nie tot tyd en wyl sodanige verwydering deur 'n polisiebeampte gemagtig is, behalwe wanneer so 'n ongeluk 'n pad heeltemal versper, en in daardie geval kan die betrokke voertuig sonder magtiging en nadat die posisie daarvan duidelik op die oppervlakte van die pad gemerk is deur die persoon wat dit beweeg, ver genoeg beweeg word om verkeer te laat deurgaan.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die woord „dier" enige dier van die beesgeslag, perd, donkie, muil, hond, skaap, bok of vark.

VEILIGHEIDSMAATREËLS TEEN BRAND.

38. (1) Niemand mag op die vliegveld —

(a) rook in of 'n oop vlam bring in —

(i) any place where such act is prohibited by a notice displayed on the direction or with the permission of the manager; or

(ii) any place within fifty feet of an aircraft or of any vehicle used for the supply of fuel to an aircraft or a store or dump of liquid fuel or explosives;

(b) by any act or omission cause or render likely an outbreak of fire;

(c) wilfully give a false fire alarm;

(d) tamper or interfere with any fire hose reel, hydrant or any other item of equipment provided solely for firefighting purposes;

(e) keep, store, discard or discharge any inflammable liquid, gas, signal flares or other like material except in an aircraft in the receptacle appropriate for the purpose or in a place on the aerodrome specifically approved by the manager for the purpose; or

(f) store or stack any material or equipment in a manner which in the opinion of the manager constitutes or will constitute a fire hazard.

(2) The manager may make any approval granted by him in terms of paragraph (e) of sub-regulation (1) subject to compliance with such conditions as he may consider necessary to impose in order to safeguard persons or property on the aerodrome and he may from time to time vary or add to any conditions so imposed or withdraw his approval.

ENTERING OR LEAVING AERODROME

39. (1) Except with the permission of the manager no person, other than a person entering or leaving the aerodrome by means of an aircraft landing on or taking off from the aerodrome, shall enter or leave the aerodrome otherwise than through a gate or entrance provided by the manager for the purpose.

(2) Any person who is directed by the manager or a policeman to leave the aerodrome or any part thereof shall forthwith do so.

ADMITTANCE TO CERTAIN PARTS OF AERODROME

40. (1) The manager may from time to time by means of notices displaying the requisite information prohibit members of the public or any class or classes of members of the public from entering any part of the aerodrome.

(2) Except with the permission of the manager no person shall enter any part of the aerodrome from which members of the public are so excluded or a class of members of the public to which he belongs, is so excluded.

(3) The manager may whenever and for such period as he deems it necessary —

(a) impose a charge of ten cents per person for admission to the terminal building;

(b) exempt any person from the payment of such charge;

(4) Any person not exempted from the payment of such charge who seeks entrance to the terminal building while such charge is being imposed, shall pay that charge in the manner indicated at the appropriate entrance to the terminal building and shall receive a ticket which he shall hand over to the manager on entering the terminal building.

(5) No person shall during such period as the said charge is being imposed enter the terminal building unless he is exempted from the payment of such charge or has obtained and handed over an admission ticket in the manner prescribed in sub-regulation (4).

(6) An automatic device for the selling of admission tickets may be used in that case the provisions of paragraphs (a), (b), (c) and (e) of sub-regulation (5) of regulation 30 shall *mutatis mutandis* apply to such automatic device.

(i) enige plek nie waar dit by 'n kennisgewing wat op las of met die toestemming van die bestuurder vertoon word, verbode is; of

(ii) enige plek nie binne vyftig voet vanaf 'n vliegtuig of 'n voertuig wat vir die verskaffing van brandstof aan 'n vliegtuig gebruik word of 'n pakhuis of stapelplek vir vloeibare brandstof of springstof;

(b) deur enige daad of versuim' n brand veroorsaak of die uitbreek daarvan moontlik maak nie;

(c) opsetlik 'n vals brandalarm maak nie;

(d) aan 'n brandslangrol, brandkraan of enige ander stuk uitrusting wat uitsluitlik vir brandbestryding verskaf word, peuter of hom daarmee bemoei nie;

(e) ontvlambare vloeistof, gas, seinfakkels of ander soortgelyke materiaal hou, bêre, weggooi of uitlaat nie behalwe in 'n vliegtuig in die houer wat daarvoor bestem is of op 'n plek op die vliegveld wat die bestuurder uitdruklik daarvoor goedgekeur het; of

(f) materiaal of uitrusting bêre of stapel op 'n wyse wat na die mening van die bestuurder 'n brandgevaar uitmaak of sal uitmaak nie.

(2) Die bestuurder kan enige goedkeuring wat hy ingevolge paragraaf (e) van subregulasie (1) verleen, onderhewig stel aan die nakoming van sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag om op te lê ten einde persone of eiendom op die vliegveld te beveilig en hy kan van tyd tot tyd enige voorwaardes aldus opgelê, wysig of aanvul of sy goedkeuring terugtrek.

BINNEGAAN OF VERLATING VAN VLIEGVELD.

39. (1) Behalwe die toestemming van die bestuurder, mag niemand buiten 'n persoon wat die vliegveld binnegaan of verlaat deur middel van 'n vliegtuig wat op die vliegveld land of daarvandaan opstyg, die vliegveld op 'n ander manier as deur 'n hek of ingang wat die bestuurder vir dié doel verskaf, binnegaan of verlaat nie.

(2) Enigiemand wat deur die bestuurder of 'n polisiebeampte opdrag gegee is om die vliegveld of 'n gedeelte daarvan te verlaat, moet dit onverwyld doen.

TOEGANG TOT SEKERE GEDEELTES VAN VLIEGVELD.

40. (1) Die bestuurder kan van tyd tot tyd deur middel van kennisgewings met die nodige inligting daarop, lede van die publiek of enige klas of klasse lede van die publiek belet om enige gedeelte van die vliegveld binne te gaan.

(2) Behalwe met die toestemming van die bestuurder mag niemand enige gedeelte van die vliegveld waarvan lede van die publiek aldus uitgesluit is of 'n klas lede van die publiek waartoe hy behoort, aldus uitgesluit is, binnegaan nie.

(3) Die bestuurder mag wanneer en vir sodanige tydperk as wat hy dit nodig ag —

(a) 'n bedrag van tien sent per persoon vir toegang tot die eindpuntgebou hef;

(b) enige persoon van die betaling van sodanige heffing vrystel.

(4) Enige persoon wat nie van die betaling van sodanige heffing vrygestel is nie en wat, terwyl die heffing toegepas word, toegang tot die eindpuntgebou verlang, moet daardie heffing op dié wyse soos by die gepaste toegang tot die eindpuntgebou aangedui word, betaal en moet 'n kaartjie ontvang wat hy by die binnegaan van die eindpuntgebou aan die bestuurder moet oorhandig.

(5) Niemand mag, terwyl die gemelde heffing toegepas word, die eindpuntgebou binnegaan nie tensy hy van die betaling van sodanige heffing vrygestel is of 'n toegangskaartjie verkry en oorhandig het soos in subregulasie (4) voorgeskryf.

(6) 'n Outomatiese toestel kan vir die verkoop van toegangskaartjies gebruik word, en welke geval die bepalings van paragrawe (a), (b), (c) en (e) van subregulasie (5) van regulasie 30 *mutatis mutandis* op sodanige outomatiese toestel van toepassing is.

ACTS PROHIBITED IN TERMINAL BUILDING

41. Except with the approval of the manager no person shall —

(a) bring a vehicle into or drive a vehicle in or into the terminal building; or

(b) obstruct an entrance to or a passage in the terminal building in such a manner as to inconvenience other users of the entrance or passage concerned.

ACTS PROHIBITED ON AERODROME

42. (1) No person shall on the aerodrome —

(a) obstruct or interfere with the proper use of the aerodrome;
(b) obstruct any person in the full-time employment of the Administration acting in the execution of his duty in relation to the aerodrome;
(c) remove any notice board erected by the manager or with his permission or any writing or document displayed on such notice board or deface any such writing or document or any marking on such notice board or document;
(d) throw, leave or drop anything capable of causing injury to any person or animal or damage to any property;
(e) dump any waste matter whatsoever elsewhere than at a place approved for the purpose by the manager;
(f) commit any nuisance or disorderly or indecent act or be in a state of intoxication or behave in a violent or offensive manner to the offence or annoyance of other persons on the aerodrome or make use of abusive, indecent or offensive language; or
(g) write, draw or affix any profane, obscene, indecent or abusive word, matter, representation or character on the aerodrome or on property on the aerodrome.

(2) Except with the permission of the manager no person shall on the aerodrome —

(a) damage, interfere or tamper with any part of the aerodrome, or any equipment associated with the operation of the aerodrome;
(b) climb any wall, fence, barrier, railing, gate or post;
(c) wash or otherwise clean or polish a vehicle elsewhere than at a place approved for the purpose by the manager;
(d) cut, dig, damage or remove any soil, grass, tree, shrub or flower;
(e) go on to or damage any flowerbed or anything growing therein;
(f) remove, pick or otherwise damage any tree, shrub, plant or flower; or
(g) go on to a lawn or onto ground which has been seeded or planted for the purpose of growing grass to form a lawn.

ANIMALS ON AERODROME

43. (1) Except with the permission of the manager no person shall cause or permit any animal to graze or feed on the aerodrome.

(2) Any person bringing an animal, other than a dog, on to the aerodrome or receiving an animal, other than a dog, on the aerodrome shall ensure that that animal is at all times under proper control while it remains on the aerodrome.

(3) The manager shall have the right to impound any animal found within the aerodrome in accordance with the Ordinance relating to pounds and to destroy any animal not falling within the terms of Ordinance 16 of 1939, as amended, which may be found there.

DOGS ON AERODROME

44. No person shall cause or permit any dog belonging to him or in his charge to enter or remain on the aerodrome unless such dog is, and at all times while on the aerodrome continues to be, on a suitable leash and is

VERBODE HANDELINGE IN EINDPUNTGEBOU.

41. Behalwe met die goedkeuring van die bestuurder mag niemand —

(a) 'n voertuig in die eindpuntgebou inbring of daarin dryf nie; of
(b) 'n ingang tot of gang in die eindpuntgebou op so 'n manier versper dat dit ongerief vir ander gebruikers van die betrokke ingang of gang veroorsaak nie.

VERBODE HANDELINGE OP VLIEGVELD.

42. (1) Niemand mag op die vliegveld —

(a) die behoorlike gebruik van die vliegveld belemmer of hom daarmee bemoei nie;
(b) enige persoon in voltydse diens van die Administrasie in die uitvoering van sy plig met betrekking tot die vliegveld hinder nie;
(c) 'n kennisgewingbord wat deur die bestuurder of met sy toestemming opgerig is, of 'n geskrif of dokument wat op so 'n kennisgewingbord vertoon word, verwyder of so 'n geskrif of dokument of 'n merk op so 'n kennisgewingbord of dokument skend nie;
(d) enigiets wat 'n persoon of dier kan beseer of eiendom kan beskadig, gooi, laat lê of laat val nie;
(e) enige afval hoegenaamd op 'n ander plek as dié wat die bestuurder daarvoor goedgekeur het, gooi nie;
(f) 'n steurnis verwek of 'n oproerige of onwelvoeglike daad verrig of in 'n beskonke toestand verkeer of op 'n geweldadige of aanstootlike wyse optree waaraan ander persone op die vliegveld aanstoot kan neem of hulle kan erger of beledigende, onwelvoeglike of aanstootlike taal besig nie; of
(g) enige godslasterlike, vuil, onwelvoeglike of beledigende woord, ding, voorstelling of teken op die vliegveld of op eiendom op die vliegveld skryf, teken of vasheg nie.

(2) Behalwe met die toestemming van die bestuurder mag niemand op die vliegveld —

(a) enige gedeelte van die vliegveld of uitrusting wat aan die bedryf van die vliegveld verbonde is, beskadig, hom daarmee bemoei of daaraan peuter nie;
(b) oor of op 'n muur, heining, versperring, reling, hek of paal klim nie;
(c) 'n voertuig op 'n ander plek as dié wat die bestuurder daarvoor goedgekeur het, was of op 'n ander manier skoonmaak of poets nie;
(d) enige grond, gras, boom, struik of blom afsny, uitspit, beskadig of verwyder nie;
(e) hom in 'n blombedding begeef of enigiets wat daarin groei, beskadig nie;
(f) enige boom, struik, plant of blom verwyder, afpluk of andersins beskadig nie; of
(g) hom op 'n grasperk of op grond waarop saad gesaai of gras geplant is om 'n grasperk te kweek, begeef nie.

DIERE OP VLIEGVELD.

43. (1) Behalwe met die toestemming van die bestuurder, mag niemand enige dier op die vliegveld laat wei of voer gee of dit toelaat nie.

(2) Enigiemand wat 'n dier, uitgesonderd 'n hond op die vliegveld bring of 'n dier, uitgesonderd 'n hond op die vliegveld ontvang, moet sorg dat daardie dier deurentyd onder behoorlike beheer is solank dit op die vliegveld bly.

(3) Die bestuurder het die reg om enige dier te skut wat op die vliegveld gevind word ingevolge die bepalings van die ordonnansie wat betrekking het op skutte en enige dier wat nie binne bestek van Ordonnansie 16 van 1939 soos gewysig, ressorteer nie, te vernietig.

HONDE OP VLIEGVELD.

44. Niemand mag 'n hond wat aan hom behoort of in sy sorg is, op die vliegveld laat kom of laat bly of dit toelaat nie, tensy die hond aan 'n geskikte koppelband vas is, en solank die hond op die vliegveld is, deurentyd daaraan vasbly en op 'n doeltreffende manier beteuel word

effectively restrained from causing annoyance to any other person on the aerodrome.

DEPOSIT OF ARTICLES IN CLOAKROOM

45. At an aerodrome where a cloakroom service is provided articles may be deposited in the cloakroom on the aerodrome but no article shall be considered as being deposited in the cloakroom unless the person wishing to deposit such article has handed it over to the manager, has paid the fee prescribed in sub-regulation (1) of regulation 47 and has received a cloakroom ticket, in the form prescribed in Annex A, in respect of the article so deposited.

HANDING-OVER OF ARTICLES DEPOSITED IN CLOAKROOM

46. (1) Save as provided in regulation 50 an article deposited in the cloakroom on the aerodrome shall be handed over only on production of the cloakroom ticket issued in respect thereof in terms of regulation 45 and on payment of all charges which may have become payable in respect of that article in terms of sub-regulation (2) of regulation 47.

(2) The Administration's liability in respect of such an article shall not extend beyond handing over the article to the person producing the cloakroom ticket issued in respect of that article.

CHARGES FOR DEPOSITING ARTICLES IN CLOAKROOM

47. (1) A charge of five cents in respect of each article deposited in the cloakroom on the aerodrome shall be payable by the depositor at the time of deposit.

(2) If an article is left in the cloakroom on the aerodrome for a period exceeding twenty-four hours calculated as from the time at which the article was deposited in the cloakroom an additional charge of five cents per twenty-four hours or part thereof, calculated as from the time at which the initial period of twenty-four hours expired, shall become payable in respect of that article subject to a maximum charge of fifty cents.

STATE'S LIABILITY LIMITED IN RESPECT OR ARTICLES DEPOSITED IN CLOAKROOM.

48. The liability of the Administration in respect of the loss of or damage to any article deposited in the cloakroom on the aerodrome shall be limited to the amount of one hundred rand.

LOSS OF CLOAKROOM TICKET.

49. (1) If a person loses the cloakroom ticket issued in terms of regulation 45 in respect of an article deposited in the cloakroom on the aerodrome he may obtain that article upon making a statement in writing to the manager in which shall be described, to the satisfaction of the manager the manner of the loss of the said cloakroom ticket, the article to which it relates and, if applicable, the contents of such article.

(2) Before handing over an article in terms of sub-regulation (1) the manager may require the person to whom it is to be handed over to indemnify, in writing, the Administration against any claim by any other person in respect of such article and to furnish such security against any such claim as the manager may deem necessary.

MAXIMUM PERIOD OF DEPOSIT IN CLOAKROOM

50. If an article is still deposited in the cloakroom on the aerodrome after expiration of a period of fifteen days calculated as from the day on which that article was deposited in the said cloakroom, the manager may store that article elsewhere and, after expiration of a further period of fifteen days calculated as from the day succeeding the day on which the first-mentioned period of fifteen days expired, may sell that article.

sodat die hond nie 'n ergenis vir iemand anders op die vliegveld is nie.

BEWARING VAN ARTIKELS IN BEWAARKAMER.

45. By 'n vliegveld waar 'n bewaarkamerdiens voorsien word, kan artikels by die bewaarkamer op die vliegveld in bewaring gegee word, maar daar word nie geag dat 'n artikel by die bewaarkamer in bewaring gegee is nie tensy die persoon wat die artikel in bewaring wil gee, dit aan die bestuurder oorhandig, die gelde voorgeskryf in subregulasie (1) van regulasie 47 betaal en 'n bewaarkamerkaartjie, in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel A, ten opsigte van die artikel wat aldus in bewaring gegee is, ontvang het.

OORHANDIGING VAN ARTIKELS WAT BY BEWAARKAMER IN BEWARING GEGEE IS.

46. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 50, word 'n artikel wat by die bewaarkamer op die vliegveld in bewaring gegee is, slegs oorhandig op vertoon van die bewaarkamerkaartjie wat ingevolge regulasie 45 ten opsigte daarvan uitgereik is en na betaling van alle gelde wat ingevolge subregulasie (2) van regulasie 47 ten opsigte van daardie artikel betaalbaar kon geword het.

(2) Die Administrasie se aanspreeklikheid ten opsigte van so 'n artikel eindig by die oorhandiging van die artikel aan die persoon wat die bewaarkamerkaartjie toon wat ten opsigte van daardie artikel uitgereik is.

GELDE BETAALBAAR VIR BEWARING VAN ARTIKELS IN BEWAARKAMER.

47. (1) 'n Bedrag van vyf sent ten opsigte van elke artikel wat by die bewaarkamer op die vliegveld in bewaring gegee word, is betaalbaar deur die persoon wat die artikel in bewaring gee wanneer hy dit doen.

(2) As 'n artikel vir langer as vier-en-twintig uur, gereken vanaf die tyd waarop dit by die bewaarkamer in bewaring gegee is, in die bewaarkamer op die vliegveld gelaat word, word 'n verdere bedrag van vyf sent per vier-en-twintig uur of gedeelte daarvan, gereken vanaf die tyd waarop die oorspronklike tydperk van vier-en-twintig uur verstryk het, ten opsigte van daardie artikel betaalbaar, onderhewig aan 'n maksimum bedrag van vyftig sent.

AANSPREEKLIKHEID VAN STAAT BEPERK TEN OPSIGTE VAN ARTIKELS BY BEWAARKAMER IN BEWARING GEGEE.

48. Die aanspreeklikheid van die Administrasie ten opsigte van die verlies of beskadiging van 'n artikel wat by die bewaarkamer in bewaring gegee word, word tot die bedrag van eenhonderd rand beperk.

VERLIES VAN BEWAARKAMERKAARTJIE.

49. (1) As iemand die bewaarkamerkaartjie verloor wat ingevolge regulasie 45 uitgereik is ten opsigte van 'n artikel wat by die bewaarkamer op die vliegveld in bewaring gegee is, kan hy daardie artikel terugkry na indiening van 'n skriftelike verklaring by die bestuurder waarin, tot oortuiging van die bestuurder, 'n beskrywing gegee word van hoe gemelde bewaarkamerkaartjie verloor is, die artikel waarop dit betrekking het en, indien van toepassing, die inhoud van die artikel.

(2) Voordat 'n artikel ingevolge subregulasie (1) oorhandig word, kan die bestuurder van die persoon aan wie dit oorhandig moet word, vereis om die Administrasie skriftelik teen enige eis deur enige ander persoon ten opsigte van die artikel te vrywaar en sodanige sekuriteit teen enige sodanige eis te lewer as wat die bestuurder nodig ag.

MAKSIMUM TYDPERK VAN BEWARING IN BEWAARKAMER.

50. As 'n artikel nog in die bewaarkamer op die vliegveld in bewaring is na verstryking van 'n tydperk van vyftien dae, gereken vanaf die dag waarop daardie artikel by gemelde bewaarkamer in bewaring gegee is, kan die bestuurder daardie artikel op 'n ander plek bêre en kan hy, na verstryking van 'n verdere tydperk van vyftien dae, gereken vanaf die dag na die dag waarop eersgenoemde tydperk van vyftien dae verstryk het, daardie artikel verkoop.

DANGEROUS ARTICLES NOT ACCEPTABLE FOR DEPOSIT IN CLOAKROOM

51. (1) A dangerous article shall not be accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome.

(2) If a dangerous article is by inadvertence on the part of the manager accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome the manager may, on finding such article to be dangerous move it from the cloakroom and store it elsewhere at the sole risk of its depositor or owner and the manager may, further, recover the cost incurred in such storage from the depositor or owner of the dangeous article in question.

(3) For the purpose of this regulation the expression "dangerous article" shall have the meaning assigned to the expression "dangerous cargo" in sub-regulation (6) of regulation 21.

ILL-SMELLING ARTICLES

52. (1) An ill-smelling article shall not be accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome.

(2) If an ill-smelling article is by inadvertence on the part of the manager accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome or if an article becomes ill-smelling after having been accepted for deposit in the said cloakroom the manager may —

(a) remove such article from the cloakroom and store it elsewhere at the sole risk of its depositor or owner and the manager may, further, recover the cost incurred in such storage from the depositor or owner of the article in question; or

(b) he may destroy or otherwise dispose of such article and the Administration shall not be liable for any loss or damage whatsoever which the depositor or owner of such article may suffer in consequence of its destruction or disposal.

PERISHABLE ARTICLES.

53. (1) An article which is perishable shall not be accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome: Provided that, if a person specially applies to the manager for a perishable article to be accepted for deposit in the cloakroom, the manager may accept such article for deposit in the cloakroom and such deposit shall then be subject to the condition that the Administration shall not be liable for the loss of or any damage to or deterioration of such article during such deposit.

(2) The endorsement by the manager of the word "perishable" on the cloakroom ticket on its issue in terms of regulation 45 shall be *prima facie* proof that the condition referred to in the proviso to sub-regulation (1) is applicable to the deposit to which the cloakroom ticket in question relates.

NO LIVE ANIMAL IN CLOAKROOM

54. No live animal shall be accepted for deposit in the cloakroom on the aerodrome.

DEPOSIT OF ARTICLES IN STRONGROOM

55. At an aerodrome where a strongroom service is provided, and subject to the availability of space in the strongroom on the aerodrome, articles may be deposited in the strongroom but no article shall be considered as being deposited in the strongroom unless the person wishing to deposit such article has handed it over to the manager, has paid the fee prescribed in sub-regulation (1) of regulation 57 and has received a strongroom ticket, in the form prescribed in Annex B, in respect of the article so deposited.

GEVAARLIKE ARTIKELS NIE VIR BEWARING IN BEWAARKAMER AANNEEMBAAR NIE.

51. (1) 'n Gevaarlike artikel mag nie vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word nie.

(2) As 'n gevaarlike artikel onbewus deur die bestuurder vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word, kan die bestuurder, wanneer hy agterkom dat die artikel gevaarlik is, dit uit die bewaarkamer verwyder en dit op 'n ander plek bêre op die uitsluitlike risiko van die persoon wat dit in bewaring gegee het of die eienaar daarvan en kan hy verder die koste wat in verband met sodanige opberging aangegaan is, op die persoon wat die betrokke gevaarlike artikel in bewaring gegee het of die eienaar daarvan verhaal.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie het die uitdrukking „gevaarlike artikel" dieselfde betekenis as die uitdrukking „gevaarlike vrag" in subregulasie (6) van regulasie 21.

ONWELRIEKENDE ARTIKELS.

52. (1) 'n Onwelriekende artikel mag nie vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word nie.

(2) As 'n onwelriekende artikel onbewus deur die bestuurder vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word of as 'n artikel onwelriekend word nadat dit vir bewaring in gemelde bewaarkamer aangeneem is, kan die bestuurder —

(a) sodanige artikel uit die bewaarkamer verwyder en dit op 'n ander plek bêre op die uitsluitlike risiko van die persoon wat dit in bewaring gegee het of die eienaar daarvan en kan hy verder die koste wat in verband met sodanige opberging aangegaan is, op die persoon wat die betrokke artikel in bewaring gegee het of die eienaar daarvan verhaal; of

(b) die artikel vernietig of op 'n ander wyse wegdoen en die Administrasie is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade hoegenaamd wat die persoon wat die artikel in bewaring gegee het of die eienaar daarvan as gevolg van die vernietiging of wegdoening daarvan kan ly nie.

BEDERFBARE ARTIKELS.

53. (1) 'n Artikel wat bederfbaar is mag nie vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word nie: Met dien verstande dat as iemand spesiaal by die bestuurder aansoek doen om 'n bederfbare artikel vir bewaring in die bewaarkamer aan te neem, die bestuurder so 'n artikel vir bewaring in die bewaarkamer kan aanneem en sodanige bewaring is dan onderhewig aan die voorwaarde dat die Administrasie nie vir die verlies of beskadiging of bederf van sodanige artikel gedurende sodanige bewaring aanspreeklik is nie.

(2) Die aantekening deur die bestuurder van die woord „bederfbaar" op die bewaarkamerkaartjie wanneer dit ingevolge regulasie 45 uitgereik word, dien as *prima facie* bewys dat die voorwaarde in die voorbehoudsbepaling van subregulasie (1) genoem, van toepassing is op die bewaring waarop die betrokke bewaarkamerkaartjie betrekking het.

GEEN LEWENDE DIER IN BEWAARKAMER.

54. Geen lewende dier mag vir bewaring in die bewaarkamer op die vliegveld aangeneem word nie.

BEWARING VAN ARTIKELS IN BRANDKLUIS.

55. By 'n vliegveld waar 'n brandkluisdiens voorsien word en mits daar ruimte in die brandkluis op die vliegveld beskikbaar is, kan artikels in die brandkluis bewaar word, maar daar word nie geag dat 'n artikel by die brandkluis in bewaring gegee is nie tensy die persoon wat so 'n artikel in bewaring wil gee, dit aan die bestuurder oorhandig, die gelde voorgeskryf in subregulasie (1) van regulasie 57 betaal en 'n brandkluiskaartjie, in die vorm in Aanhangsel B voorgeskryf, ontvang het ten opsigte van die artikel wat aldus in bewaring gegee is.

HANDING-OVER OF ARTICLES DEPOSITED IN STRONGROOM

56. (1) Save as provided in regulation 57 an article deposited in the strongroom on the aerodrome shall be handed over only on the production of the strongroom ticket issued in respect thereof in terms of regulation 55 and on payment of all charges which may have become payable in respect of that article in terms of sub-regulation (2) of regulation 57.

(2) The Administration's liability in respect of such an article shall not extend beyond handing over the article to the person producing the strong room ticket issued in respect of that article.

CHARGES FOR DEPOSITING ARTICLES IN STRONGROOM

57. (1) A charge of seventy-five cents in respect of each article deposited in the strongroom on the aerodrome shall be payable by the depositor at the time of the deposit.

(2) If an article is left in the strongroom on the aerodrome for a period exceeding six hours calculated as from the time at which the article was deposited in the strongroom an additional charge of twelve and a half cents per hour or part thereof, calculated as from the time at which the period of six hours expired, shall become payable in respect of that article.

LOSS OF STRONGROOM TICKET.

58. The provisions of regulation 49 shall *mutatis mutandis* apply where the strongroom ticket which was issued in terms of regulation 55 in respect of an article deposited in the strongroom on the aerodrome has been lost and a person wishes to obtain that article.

MAXIMUM PERIOD OF DEPOSIT IN STRONGROOM

59. If an article is still deposited in the strongroom on the aerodrome after expiration of a period of thirty days calculated as from the day on which that article was deposited in the strongroom the manager may —

(a) if space is available in the strongroom, continue to store that article therein; or

(b) if space is no longer available in the strongroom or ceases to be available at any time after expiration of the said period, sell that article.

DANGEROUS, ILL-SMELLING OR PERISHABLE ARTICLES OR ANIMALS IN STRONGROOM

60. The provisions of regulations 51, 52, 53 and 54 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any dangerous, ill-smelling or perishable article or animal intended for deposit in the strongroom on the aerodrome or deposited in that strongroom, as the case may be.

DEPOSIT OF ARTICLES IN BAGGAGE LOCKERS

61. (1) At an aerodrome where a baggage locker service is provided, articles may be deposited in a baggage locker, if one is available subject to the conditions prescribed in these regulations and in accordance with operational requirements pertaining to the use of such baggage locker as may be contained in any notice exhibited on or in the vicinity of such locker.

(2) The Administration shall not be liable in respect of any claim whatsoever in relation to any article deposited in any such baggage locker.

(3) The provisions of regulations 50, 51, 52, 53 and 54 shall *mutatis mutandis* apply to the deposit of an article in such baggage locker and for the purposes of this subregulation the expression "accepted for deposit" where it appears in any of those regulations shall mean "deposited", and the provisions of paragraphs (a), (b), (c) and (e) of sub-regulation (5) of regulation 30 shall *mutatis mutandis* apply to such baggage locker.

(4) The manager may at any time in his discretion open and inspect any baggage locker.

OORHANDIGING VAN ARTIKELS WAT IN BRANDKLUIS BEWAAR WORD.

56. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 57 word 'n artikel wat by die brandkluis op die vliegveld in bewaring gegee is, slegs oorhandig op vertoon van die brandkluiskaartjie wat ingevolge regulasie 55 ten opsigte daarvan uitgereik is en na betaling van alle gelde wat ingevolge subregulasie (2) van regulasie 57 ten opsigte van daardie artikel betaalbaar geword het.

(2) Die Administrasie se aanspreeklikheid ten opsigte van so 'n artikel eindig by die oorhandiging van die artikel aan die persoon wat die brandkluiskaartjie toon wat ten opsigte van daardie artikel uitgereik is.

GELDE BETAALBAAR VIR BEWARING VAN ARTIKELS IN BRANDKLUIS.

57. (1) 'n Bedrag van vyf-en-sewentig sent ten opsigte van elke artikel wat by die brandklus op die vliegveld in bewaring gegee word, is betaalbaar deur die persoon wat dit in bewaring gee wanneer hy dit doen.

(2) As 'n artikel vir langer as ses uur gereken vanaf die tyd waarop die artikel by die brandkluis in bewaring gegee is, in die brandkluis op die vliegveld gelaat word, word 'n verdere bedrag van twaalf-en-'n-half sent per uur of gedeelte daarvan, gereken vanaf die tyd waarop die tydperk van ses uur verstryk het, ten opsigte van daardie artikel betaalbaar.

VERLIES VAN BRANDKLUISKAARTJIE.

58. Die bepalings van regulasie 49 is *mutatis mutandis* van toepassing waar die brandkluiskaartjie wat ingevolge regulasie 55 uitgereik is ten opsigte van 'n artikel wat by die brandkluis op die vliegveld in bewaring gegee is, verlore gegaan het en iemand daardie artikel wil terughê.

MAKSIMUM TYDPERK VAN BEWARING IN BRANDKLUIS.

59. As 'n artikel nog in die brandkluis op die vliegveld bewaar word na verstryking van 'n tydperk van dertig dae gereken vanaf die dag waarop daardie artikel by die brandkluis in bewaring gegee is, kan die bestuurder —

(a) as daar ruimte in die brandkluis beskikbaar is, daardie artikel nog daarin bêre; of

(b) as daar nie meer ruimte in die brandkluis beskikbaar is nie of op enige tyd na verstryking van gemelde tydperk nie meer beskikbaar is nie, daardie artikel verkoop.

GEVAARLIKE, ONWELRIEKENDE OF BEDERFBARE ARTIKELS OF DIERE IN BRANDKLUIS

60. Die bepalings van regulasies 51, 52, 53, en 54 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n gevaarlike, onwelriekende of bederfbare artikel of 'n dier wat vir bewaring in die brandkluis op die vliegveld bestem is of in daardie brandkluis bewaar word, na gelang.

BEWARING VAN ARTIKELS IN BAGASIESLUITKASTE

61. (1) By 'n vliegveld waar 'n bagasiesluitkasdiens voorsien word, kan artikels in 'n bagasiesluitkas, indien beskikbaar, bewaar word onderhewig aan die voorwaardes wat in hierdie regulasies voorgeskryf word en ooreenkomstig die gebruiksvoorskrifte wat op die gebruik van sodanige bagasiesluitkas van toepassing is soos in enige kennisgewing op of in die omgewing van sodanige bagasiesluitkas vertoon word, vervat word.

(2) Die Administrasie is nie in verband met enige eis van watter aard ook al met betrekking tot enige artikel wat in enige bagasiesluitkas bewaar is, aanspreeklik nie.

(3) Die bepalings van regulasies 50, 51, 52, 53 en 54 is *mutatis mutandis* op die bewaring van 'n artikel in sodanige bagasiesluitkas van toepassing en vir die doeleindes van hierdie subregulasie beteken die uitdrukking „vir bewaring aangeneem" waar dit ook al in enige van daardie regulasies verskyn „bewaar" en die bepalings van paragrawe (a), (b), (c) en (e) van subregulasie (5) van regulasie 30 is *mutatis mutandis* op sodanige bagasiesluitkas van toepassing.

(4) Die bestuurder kan te eniger tyd na goeddunke enige bagasiesluitkas oopmaak en ondersoek.

TRADING OR BUSINESS LICENCES

62. (1) The manager may, on application by a person and on payment by that person of the appropriate fee prescribed in Annex C, grant a licence in the form prescribed in Annex D to that person to carry on a trade or business prescribed in Annex C: Provided that if an application for a licence as aforementioned is made after the thirtieth day of June of the calendar year in respect of which the application is made the applicant shall only be required to pay one-half of the appropriate fee prescribed in Annex C.

(2) A trading or business licence granted by the manager in terms of sub-regulation (1) shall, subject to the provisions of sub-regulation (3), be valid only for the calendar year in respect of which it is granted.

(3) The manager may forthwith cancel any trading or business licence issued in terms of sub-regulation (1) if the holder thereof is convicted of a contravention of these regulations or of the law relating to customs, health or immigration.

(4) No person shall on the aerodrome carry on any trade or business referred to in Annex C unless he is the holder of a licence issued in terms of sub-regulation (1) which entitles him to do so.

PAYMENTS INTO TERRITORY REVENUE FUND

63. All fees or moneys paid to or received by the manager in terms of these regulations shall be paid into the Territory Revenue Fund.

OFFENCES

64. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these regulations or a prohibition made or a direction given or a condition imposed in terms thereof shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to the penalties mentioned in section three of the Ordinance.

ANNEX A

ADMINISTRATION OF SOUTH WEST AFRICA

..... AERODROME:

CLOAKROOM TICKET.

Date of issue ..... Time of issue .....

(Issued in terms of the Aerodrome Regulations 1965)

Charge: 5c per article per 24 hours or part thereof.

Maximum charge per article — 50c.

ANNEX B

ADMINISTRATION OF SOUTH WEST AFRICA

..... AERODROME:

STRONGROOM TICKET.

Date of issue ..... Time of issue .....

(Issued in terms of the Aerodrome Regulations 1965)

Charge: 75c per article for six hours, thereafter 12½c per hour or part thereof.

N.B. — If an article is unclaimed after 30 days it may be sold.

ANNEX C.

Trade or Business.

	Fee payable per annum
(a) Aircraft Maintenance or Servicing . . Undertaking of maintenance or servicing of aircraft not belonging to or under the operational control of the person undertaking such servicing or maintenance.	R200.00

BEDRYFS- OF BESIGHEIDSLISENSIES

62. (1) Die bestuurder kan op aansoek deur 'n persoon en na betaling deur daardie persoon van die toepaslike gelde in Aanhangsel C voorgeskryf, 'n lisensie in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel D, aan daardie persoon toestaan om 'n bedryf of besigheid voorgeskryf in Aanhangsel C te beoefen: Met dien verstande dat as aansoek om 'n lisensie soos voornoem, gedoen word na die dertigste dag van Junie van die kalenderjaar ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, die applikant slegs die helfte van die toepaslike bedrag voorgeskryf in Aanhangsel C hoef te betaal.

(2) 'n Bedryfs- of besigheidslisensie wat die bestuurder ingevolge subregulasie (1) toestaan, is, behoudens die bepalings van subregulasie (3), slegs geldig vir die kalenderjaar ten opsigte waarvan dit toegestaan word.

(3) Die bestuurder kan 'n bedryfs- of besigheidslisensie wat ingevolge subregulasie (1) uitgereik is, dadelik intrek as die houer daarvan skuldig verklaar word aan 'n oortreding van hierdie regulasies of van die wet wat op doeane, gesondheid of immigrasie betrekking het.

(4) Niemand mag op die vliegveld 'n bedryf of besigheid in Aanhangsel C genoem, beoefen nie tensy hy die houer is van 'n lisensie uitgereik ingevolge subregulasie (1) wat aan hom die reg verleen om dit te doen.

STORTINGS IN INKOMSTEFONDS VAN DIE GEBIED

63. Alle gelde wat ingevolge hierdie regulasies aan die bestuurder betaal of deur hom ontvang word, moet in die Inkomstefonds van die Gebied gestort word.

MISDRYWE

64. Elkeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie of 'n verbod opgelê of 'n opdrag gegee of 'n voorwaarde opgelê ingevolge daarvan, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by die veroordeling strafbaar met die boetes wat in artikel *drie* van die ordonnansie genoem word.

AANHANGSEL A

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA

..... VLIEGVELD:

BEWAARKAMERKAARTJIE

Datum van Uitreiking ..... Tyd van Uitreiking .....

(Uitgereik ingevolge die Vliegveldregulasies 1965).

Gelde betaalbaar: 5c per artikel per 24 uur of gedeelte daarvan.

Maksimum bedrag betaalbaar per artikel — 50c.

AANHANGSEL B

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA

..... VLIEGVELD:

BRANDKLUISKAARTJIE.

Datum van Uitreiking ..... Tyd van Uitreiking .....

(Uitgereik ingevolge die Vliegveldregulasies 1965).

Gelde betaalbaar: 75c per artikel vir ses uur, daarna 12½c per uur of gedeelte daarvan.

L.W. — As 'n artikel na 30 dae nog nie opgeëis is nie kan dit verkoop word.

AANHANGSEL C

Bedryf of Besigheid

	Gelde per jaar betaalbaar
(a) Instandhouding of versiening van vliegtuie . . . . . Onderneming van instandhouding of versiening van vliegtuie wat nie behoort aan of onder die bedryfsbeheer staan van die persoon wat sodanige versiening of instandhouding onderneem nie.	R200.00

(b) Aircraft Handling Agent R120.00
Undertaking, on behalf of the operator of an aircraft, the handling of passengers or cargo and the preparation of the relative documents.

(c) Clearing or Forwarding Agent . . R 60.00
Undertaking the clearing or forwarding of cargo which has been or is to be conveyed by aircraft.

(d) Handling of aviation fuels and oils at the J. G. Strydom Aerodrome . . . R400.00

(b) Agent wat vliegtuie hanteer . . . R120.00
Onderneming, namens die eksploitant van 'n vliegtuig, van die hantering van passasiers of vrag en die gereedmaking van die toepaslike dokumente.

(c) Klarings- of versendingsagent . . . R 60.00
Onderneming van die klaring of versending van vrag wat per vliegtuig vervoer is of vervoer gaan word.

(d) Hantering van lugvaartbrandstof en -olie by die Vliegveld J. G. Strydom . . R400.00

ANNEX D

ADMINISTRATION OF SOUTH WEST AFRICA

..... AERODROME:

LICENCE TO CARRY ON A TRADE OR BUSINESS.

This licence, issued in terms of the Aerodrome Regulations 1965 entitles the holder .....
to carry on the trade of business of .....
on the abovementioned aerodrome during the calendar year ending on the thirty-first day of December, 19.....

Fee paid: R.....

Date of issue .....

.....
AERODROME MANAGER.

AANHANGSEL D

ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA

..... VLIEGVELD:

LISENSIE OM 'N BEDRYF OF BESIGHEID TE BEOEFEN.

Hierdie lisensie, uitgereik ingevolge die Vliegveldregulasies 1965, verleen aan die houer .....
die reg om die bedryf of besigheid van .....
op bogemelde vliegveld te beoefen gedurende die kalenderjaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Desember 19.....

Gelde betaal: R.....

Datum van uitreiking: .....

.....
VLIEGVELDBESTUURDER.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek